# Die Matie

SELFSTANDIGE MONDSTUK VAN STELLENBOSSE STUDENTE SEDERT 1941

Nr 8 GRATIS OP KAMPUS VERSPREI DONDERDAG 18 MAART 1993





SPECIAL INSIDE: p3

# Rassisme kortgevat

**Enige student of personeellid sal eersdaags 'n klag by Administrasie kan lê indien daar teen hom of haar gediskrimineer word op grond van velkleur. Die Direkteur: Studentesake, prof Flip de Wet, is deur die aangewese rektor aangestel om só 'n klagtemeganisme te skep.**

Deur SYBRANDUS ADEMA

DIÉ besluit volg na 'n vergadering op 24 Februarie tussen die HK en inwonende hoofde van Goldfields, die aangewese rektor, prof Andreas van Wyk, en verskeie ander belanghebbendes, waar probleme rakende rassisme op die kampus bespreek is. Die vergadering het verder daartoe gelei dat prof Van Wyk 'n waarskuwing aan Elsenburg Landboukollege gerig het dat hulle van kampusaktiwiteite geskors sal word indien hulle weer betrokke sou wees by voorvalle van rassisme. Die waarskuwing is gerig na aanleiding van vorige botsings tussen die inwoners van Goldfieldskoshuis en die Kollege as gevolg van rassistiese opmerkings wat veral tydens rugbywedstryde gemaak is.

Volgens die prim van Goldfields, Gregory Botha, was die waarskuwing geslaagd aangesien 'n daaropvolgende wedstryd teen Elsenburg op 9 Maart goed verloop het.

Die Administrasie het ook met koshuishoofde gepraat en hulle aangesê om hulle rassistiese optrede in koshuise te bekamp.

Volgens mnr Botha voel swart studente dat daar te min op die kampus gedoen word om rassisme te bestry.

"Goldfieldskoshuis wou in die verlede nie aan kampusaktiwiteite soos Karnaval en sport deelneem nie. Sedert ons in 1992 wél begin deelneem het, het ons baie gefrustreerd geword vanweë die rassistiese optrede teen van ons inwoners. Elsenburg Landboukollege en verskeie koshuise het vir ons baie probleme gegee, maar ons het dit verduur, aangesien ander koshuise dit vir ons die moeite werd gemaak het om deel te neem," het mnr Botha gesê.

Ander vorme van rassisme wat hy geopper het is die feit dat daar so min swart studente aan die universiteit studeer en die feit dat daar tydens registrasie na persone se ras gevra word. Daar is volgens mnr Botha baie min swart studente in die koshuise wat veronderstel is om "oop" te wees en word hierdie vorm van rassisme vererger deur die optrede van sommige inwonende hoofde.

"Ons is ook ongelukkig oor die kwessie van 'Die Stem' wat by amptelike geleenthede gesing word, veral aangesien die universiteit geensins onder 'n verpligting staan om dit te gebruik nie," het hy gesê.

Volgens hom probeer hulle al jare lank die probleme aanspreek aangesien rassisme op die kampus verhoudinge en deelname aan kampusaktiwiteite in die algemeen onaangenaam maak vir swart studente.

"Dit gaan nie vir ons oor kleinlikhede nie, maar oor die groter kwessies wat ons al telkens geopper het," het mnr Botha gesê. "Die universiteit behoort hul opvoedingstaak te vervul deur op 'n duidelik waarneembare wyse op te tree om rassisme op die kampus te bestry. Om dit bloot op papier te stel dat hulle teen rassisme gekant is, is nie goed genoeg nie. Rassisme behoort 'n strafbare oortreding gemaak te word."



Foto: HELENA VAN ZYL

Mnr Hans Japhta by die vrugtestal waarvan die toekoms tans in die weegskaal is.

## Smous se toekoms onseker

'N AFVAARDIGING van die Stellenbosse Stadsraad asook die aangewese rektor, prof Andreas van Wyk, het onlangs 'n versoek tot die Administrateur van Kaapland, mnr Kobus Meiring, gerig om die smouse in die middedorp te beperk tot persele wat vir die doel deur die Stadsraad beskikbaar gestel is.

Die voorgestelde mosie, wat van toepassing sal wees vanaf ongeveer die middedorp tot en met die Marais-natuurreservaat aan die bopunt van Victorialaan, die sogenaamde historiese kern van Stellenbosch, het intussen verontwaardiging van ten minste een smous uitgelok.

Volgens die eienaar van die vrugtestalletjie op die hoek van Victorialaan en Bosmanstraat (oorkant Dagbreek), mnr Etienne Joubert, is sy werknemer, mnr Hans Japhta, onlangs genader deur 'n amptenaar wat hom aangesê het om weg te skuif. Mnr Joubert het toe 'n gesondheidsinspekteur, mnr Johan Griessel, gaan sien, wat hom ingelig het dat mnr Japhta slegs tot tyd en wyl die mosie aanvaar word mag handel dryf. Daarna sal hy volgens mnr Griessel die area moet verlaat.

Die hoof van skakeldienste van die munisipaliteit van Stellenbosch, mnr Riaan Smit, het by navraag geantwoord dat die Stadsraad nie teen informele handel gekant is nie, maar dat die "onordelike smousery op die sypaadjies" vir baie inwoners asook die Stadsraad onaanvaarbare afmetings aangeneem het.

"Daar is estetiese en ander oorwegings soos verkeers- en voetgangersverkeer wat ook in ag geneem moet word om funksionele dorpsadministrasie te verseker."

Mnr Joubert voel egter dat sy vrugtestal wel esteties aanvaarbaar is aangesien dit by die omgewing inpas en gereeld skoongemaak word.

"My stalletjie skep 'n werksgeleentheid en kompeteer geensins met ander besighede nie. Wat van die beginsels van die vryemarksisteem? " het hy gesê.

# Mosie misluk

SLEGS 397 stemgeregtigdes het vorige Dinsdagaand se monstervergadering in die Gat bygewoon. Aangesien die vereiste van 750 studente vir 'n kworum nie teenwoordig was nie, het die stemming in verband met die mosie slegs op 'n meningspeiling neergekom.

Altesame 201 studente het ten gunste van die mosie, wat gelui het dat die rubrieksrywer van Perspektiewe en Dinge, Marius Visser, moes bedank aangesien sy rubriek "volgens die Studente-unie, studente aanstoot sou gegee het," gestem. Daar het 147 studente teen die mosie gestem, terwyl drie bedorwe stembriefies getel is. 46 studente het buite stemming gebly.

Verskeie studente is spreekbeurte toegestaan om hul menings aangaande die mosie te lug. Van die sprekers is telkens onderbreek terwyl hulle gepoog het om hul standpunte te stel. Toe mnr Visser se spreekbeurt aangebreek het, het 'n groot aantal studente van Helderberg, wat onder andere 'n banier met die woorde "Moffies oorleef nie, slag Visser" vertoon het, die vergadering luidrugtig verlaat.

Volgens die voorsitter van die SR, André van der Spuy, het die vergadering 'n paar sake op die voorgrond geplaas.

"Ten eerste is dit duidelik dat addisionele meganismes geskep moet word om die menings van studente aan te hoor, veral aangesien 'n monstervergadering inherente beperkings het," het hy gesê.

Hy het bygevoeg dat die SR hul distansieer van die vertoon van die banier en die uitstappery.

**Trek jou kruis:**

Maar is SA kiesers al gereed?



p4

**Die SAP:**

Is díe arms te lank?

p5

## Waardevolle bome verdwyn uit botaniese tuin

WAARDEVOLLE taksisbome in Italiaanse terracotta-potte wat die nag van 24 Februarie uit die Universiteit se Botaniese Tuin verdwyn het, is steeds skoonveld.

Volgens die kurator van die Botaniese Tuin, mnr Wim Tijmens, is die bome, wat in die watertuin gestaan het, baie waardevol.

Op die nag van 12 Februarie het 'n waardevolle vyftigjaaroue Chinese palmboom ook met balie en al uit die tuin verdwyn. Dié palmboom was een van twee van dieselfde soort wat aan weerskante van die voordeur gestaan het. Die ander een het gelukkig onaangeraak gebly.

Die palm is egter op geheimsinnige wyse weer die nag van 1 Maart in die botaniese tuin teruggeplaas. "Die balie is só swaar dat minstens vier mense nodig is om dit op te tel en dit moes boonop bó-oor die gesluite hek getel word," het hy gesê.

Volgens mnr Tijmens word albei voorvalle deur die polisie ondersoek. "Leidrade word opgevolg. Ons weet in watter koshuis die palm gehou was," het hy gesê.

## Inbreker aangekeer

'N STUDENT is die nag van 26 Februarie met die dood gedreig toe daar by haar woonstel ingebreek is. Volgens die student het 'n paar mans die deur van haar woonstel oopgesluit en ingeloop. Een van die mans het gedreig om haar te skiet indien sy nie sou stilbly nie. Sy het egter om hulp geroep en van die ander inwoners se aandag getrek.

'n Uitgebreide soektog deur die inwoners is in die omgewing van die Krommerivier na die vermeende inbrekers geloods, maar niemand is gevind nie. By hul terugkeer het hulle 'n persoon, wat volgens hulle baie dronk was, opgemerk wat probeer het om weg te kruip. Die vrou het hom herken as die persoon wat haar gedreig het en die studente het 'n burgerlike arrestasie gemaak. Die polisie het kort daarna op die toneel verskyn en die man in hegtenis geneem.

Dié voorval is een van talle inbrake wat die afgelope tyd by die pasvoltooide Eikenwaters woonstelkompleks in Birdstraat wat hoofsaaklik studente huisves, plaasgevind het. Volgens een van die inwoners, wat verkies om anoniem te bly, word daar vermoed dat van die werkers aan die kompleks sleutels in hulle besit het waarmee hulle toegang tot die woonstelle kan verkry.

Hy het gesê dat iemand die nag van 1 Maart probeer het om sy voordeur oop te sluit. Hy het wakker geword en die persoon het weggehardloop. Hy en van die ander inwoners het na die vermeende inbreker gesoek, maar was onsuksesvol. Twee ure later het die persoon weer gepoog om by sy woonstel in te breek, maar het weer weggehardloop toe hy opgemerk is.

Vrydagaand van dieselfde week het dieselfde student by sy aankoms by sy woonstel 'n man voor sy venster sien staan.

"Toe ek nadergestap het, het hy skielik omgedraai en my in die gesig geslaan. Ek het sy knieskyf afgeskop en toe hy my weer probeer slaan het, twee van sy vingers gebreek. 'n Paar van sy vriende het daarna opgedaag en hom weggehelp nog voor ons hom kon arresteer," het hy gesê.

Gister het 'n persoon in die hof verskyn op die klag van huisbraak met die opset om aan te rand. 'n Wag is intussen by die woonstelle aangestel, terwyl die eienaars ook beplan om die woonstelle se sekuriteit te verbeter.

# Nuwe me Matieland

ME Rozelle Coetzee is Saterdagaand aangewys as me Matieland vir 1993. Die twintigjarige me Coetzee is 'n finalejaar Bedryfsielkunde-student.

"Die kompetisie was 'n aangename ervaring en ek en my mede-finaliste het goeie vriende geword," het sy gesê.

Me Amanda Grewe is aangewys as eerste prinses en Me Michelle Bradbury as tweede prinses.

Daar is van elk van die finaliste verwag om R3 000 vir Uskor in te samel. Die manier waarop hulle die fondse ingesamel het, sou uiteindelik een van die kriteria wees waarvolgens hulle beoordeel word.

Me Coetzee se pryse sluit onder meer 'n oorsese reis na enige Europese bestemming, 'n week by die High Rustenburg Hydro en jaarlange lidmaatskap van Perfect Health Club in. Die finaliste kon ook die Kobus Dippenaar-aandrokke wat hulle op die koningsaand gedra het, hou.

Die SR-voorsitter, André van der Spuy, me Helene Opperman van Uskor, mnr Henry Fabe van SAB en mnr Johan Louw van Uwe Kötter-juweliers het onder andere as beoordelaars opgetree.


Foto: HELENA VAN ZYL

Rozelle Coetzee, vanjaar se Me Matieland.

# Beraad laat koshuise praat

'n ORIËNTERINGSBERAAD, gereël deur Sosius, is Donderdagaand 4 Maart in die Sanlamsaal gehou. Verskeie HK-lede en ander koshuisverteenwoordigers het die lewendige bespreking rakende oriëntering bygewoon.

Tydens die beraad het daar sterk pleidooie vir en teen oriëntering na vore gekom. 'n Juniordosent verbonde aan die Departement Engels en 'n oud-Wilgenhoffer, mnr Francois Tredoux, het hom sterk uitgespreek teen enige vorm van doop, oriëntering of verwelkoming.

" 'n Universiteit is in die eerste plek daar om mense se kennis uit te brei ten einde hulle 'n groter insig te gee. Individualisme behoort hier ten volle ontgin te word en juis dít is strydig met die hele idee van doop in koshuise waar jou identiteit vír jou gegee word."

Die SR-lid vir manskoshuise en prim van Simonsberg, Louis du Preez, was in teenstelling hiermee sterk ten gunste van oriëntering. Hy het gesê dat die reëls wel noodsaaklik is en gehoorsaam moet word ten einde 'n sinvolle verwelkoming te bewerkstellig. Hy voel egter dat die meeste mense na Stellenbosch toe kom om die unieke atmosfeer te ervaar en dat koshuistradisie onlosmaaklik deel is daarvan.


Tydens die groepbespreking is Administrasie se reëls en regulasies ten opsigte van oriëntering bespreek en verskeie voorstelle oor hoe om dit te verbeter het na vore gekom.

Onder andere is daar voorgestel dat die reëls hersien moet word deur HK-lede in samewerking met Administrasie, terwyl inspekteurs aangestel moet word om enige wanpraktyke tydens die oriënteringsweek te monitor. Hierdie reëls moet welbekend wees aan alle senior studente. Klagtekanale vir eerstejaars moet ook meer toeganglik en prakties gemaak word.

## Dam hou geen gevaar in

'n KAAPSTADSE navorsingslaboratorium het onlangs bevind dat dit wél veilig is om in die Coetzenburgdam te swem.

"Daar kom wel 'n hoë konsentrasie onskadelike varswater coliform-bakterieë voor en dit is nie noodwendig lewensgevaarlik nie. Indien die water egter gedrink word, kan dit wel tot fisiese ongesteldhede lei," het 'n senior mikrobioloog van Swift Micro Laboratories, wat die watermonsters getoets het, me Valmé Kromker, gesê.


Foto: ADRIAN HUYSAMER

Die Coetzenburgdam wat onlangs veilig verklaar is.

# Majuba loop deur onder brand

Deur PIETER BRUWER

INWONERS van Majuba moes vroeg Sondagoggend bontstaan om ernstige brandskade aan hulle koshuis te verhoed.

Volgens 'n inwoner van Majuba, mnr André Mostert, het hy iemand in die koshuis se vierkant hoor rondskarrel waarna hy deur sy venster geloer het om ondersoek in te stel. Hy het 'n persoon gesien wat besig was om by die koshuis se fietsrakke te peuter. Direk daarna het die brand uitgebreek.

Vinnige reaksie van mnre Mostert, Dale Ervine en die inwonende hoof se dogter, me Hanlie Prins, het voorkom dat die brand hand uitgeruk het. Talle fietse en twee motorfietse was egter reeds deur die brand beskadig terwyl skade ook aan die afdak en mure aangerig is.

Volgens die inwonende hoof, dr Riaan Prins, word 'n saak van brandstigting ondersoek. Hy twyfel egter of enige van die koshuis se inwoners iets met die voorval te doen het. Die skade beloop tussen dertig en veertigduisend rand.


Foto: HELENA VAN ZYL

Brandskade by Majuba.

# Nuusflitse

## Admin betree ruimte-eeu

DIE US se nuwe rekenaarstelsel wat onlangs in gebruik geneem is, maak die integrasie van inligting vinniger en skakeling beter, sê die hoof van Informasietegnologie, prof Sias Meij.

Die nuwe stelsel integreer die studentestelsel, finansiële stelsel en die personeelstelsel en daarom kan prosesse nou in 'n korter tyd afgehandel word.

Sowat drieduisend programme is reeds intern vir die stelsel geskryf en die buitemuurse fakulteite soos Bellville en Tygerberg is ook gekoppel aan die netwerk. Verder is die Universiteit ook gekoppel aan internasionale netwerke en dit lewer belangrike dienste soos elektroniese pos. - *Piérre Oosthuizen*

## Beter behandeling vir natuur

DIE natuur, veral bome, moet waardeer word, sê die SR-lid vir omgewingsake, Rainer Gillich, wat vanjaar verskeie geleenthede gaan reël om aan studente die nodige inligting oor die natuur te verskaf.

Daar is reeds verskeie aksies aangebied soos byvoorbeeld "Waterweek". Verlede Saterdag is daar ook 'n skoonmaakoperasie by die Lourensrivier gehou.

'n Spreker van Johannesburg sal op 20 April studente oor verpakking en die effek wat dit op die omgewing het, toespreek. Volgens mnr Gillich is die spreker "uitstekend en is dit die moeite werd om die geleentheid by te woon." Ná die bespreking sal daar kaas en wyn bedien word.

Verder voel die bestuur van omgewingsake dat daar 'n nuwe naam vir hulle gegee moet word. Volgens mnr Gillich klink Omgewingsake te veel na 'n 50/50-program. Voorstelle word verwelkom en kan aan die SR gerig word. - *Leoni Molenaar*

## Gemeente nie betrokke genoeg

AKTUALITEITSWEEK is vanjaar vir die tweede keer deur die NG Studentekerk aangebied. Volgens die voorsitter van die komitee verantwoordelik vir die Aktualiteitsweek, mnr Herman Wasserman, is daar gevind dat die gemeentelede nie betrokke genoeg by aktuele sake is nie.

Die eredienste het onder leiding van ds Willem Nichol van die Studentegemeente in Pretoria, plaasgevind.

Die week is Sondagaand afgesluit met 'n erediens waartydens ds Russel Bothman van die NG Sendingkerk as gasspreker opgetree het.

Volgens mnr Wasserman is die Aktualiteitsweek nie so goed soos verlede jaar bygewoon nie. - *Anna-Retha Kriel*

## Oorsese professore besoek US

TWEE oorsese professore het hierdie maand besoek afgelê aan die Universiteit van Stellenbosch.

'n Opvoedkundefilosoof van die Instituut vir Filosofie van die Universiteit van Salzburg, prof Gerhard Zecha, het die Departement Fundamentele en Historiese Opvoedkunde besoek vanaf agt tot tien Maart.

Hy het lesings vir die studente in die vorm van 'n akademiese gesprek aangebied. Daar is onder andere gepraat oor veranderende waardes in die onderwys en die relatiwiteit van moraliteit in opvoeding. Dit was sy tweede besoek in tien jaar aan die US.

'n Amerikaanse hoogleraar en hoof van die Departement Biologie van die Universiteit van Indiana in Fort Wayne, prof Bill Cooper, besoek tans die US en sal in die Departement Soölogie gedragstudies rakende chemiese kommunikasie doen. Hy sal op kampus wees tot twintig April. - *Zelda Weitz*

## Suksesvolle eerstejaarsdebat

ME Danélle Serfontein, 'n mediese student van Lydia, het die Eerstejaarsredenaarskompetisie van die US Debatsvereniging gewen. Die finale rondte het eergisteraand in die rektor se Bloukamer plaasgevind.

Die deelnemers het tydens dié geleentheid sake uitgespook om die prys van R300 en die Jannie de Villiers-trofee in te palm.

Die finaliste het onder andere drie inwoners van Eendrag ingesluit, van wie mnre Robbie Engela die tweede en Francois van der Spuy die derde plek verower het. Die beoordelaars was dr Edwin Hees en dr Frikkie Lombard. Hulle het melding gemaak van die hoë standaard van vanjaar se inskrywings, asook die kritiese denke wat geopenbaar is. - *Jean Meiring*

## Die SR besoek townships

DIE Studenteraad het onlangs 'n toer na verskeie townships in Wes-Kaapland onderneem. Dit is deur die Instituut vir 'n Demokratiese Alternatief vir Suid-Afrika (Idasa) gereël.

"Ons is met ope arms ontvang. Slegs een geval waartydens 'n groepie jeugdiges slagspreuke geskreeu het, het plaasgevind," het die SR-voorsitter, André van der Spuy, gesê.

Hy is van mening dat die gemiddelde student geen benul van die lewe in townships het nie.

"Verskynsels soos werkloosheid en ondervoeding is eerder die reël as die uitsondering. In geen township is 'n formele skool aangetref nie. Daar word wel pogings vanuit die gemeenskap aangewend om hulle eie toestande te verbeter." - *Alvo Kotze*


**Motorfiets- & Buiteboord-motore**

Gewaarborgde herstelwerk teen billike tariewe.

Gratis optel & aflewering in Stellenbosch-omgewing.

**Stellenbosch Tegniese Dienste**



ankenbrug
ellenbosch
Tel 75059



**Colins Bestuurskool**

Vir professionele opleiding volgens die jongste toetsmetode (K53). In Noordelike voorstede/ Stellenbosch/Paarl/Wellington-omgewing.

Lid van SAIDI.

Ook onderrig in leerlinglisensie.

**Skakel (02211) 63-1532 tussen 08:00 en 17:00 of (021) 981-6213 na ure.**


***Weet jy iets wat ons moet weet?***

***Bel Die Matie by 5979 of 72332***

# Ing week geslaagd

Deur ADÉL DE VILLIERS

INGENIEURSWEEK het die afgelope week letterlik met 'n slag begin. Ná 'n klein "misverstandjie" tussen twee voornemende ingenieurs, het een van die me Ingenieurswese-finaliste met 'n blou-oog opgeeïndig.

Die voorval het voorverlede Dinsdagaand tydens 'n kaas-en-wyn geleentheid, waar die tien finaliste aangewys is, plaasgevind. Volgens een van die ooggetuies het twee studente in 'n argument betrokke geraak en een het toe probeer om die ander te slaan. Hy het egter gemis en een van die finaliste in die oog getref.

Die ingenieursweek het op 8 Maart afgeskop met 'n papiervliegtuigkompetisie, waar die vliegtuig met die meeste dryfkrag as wenner aangewys is.

Op die daaropvolgende Woensdag is 'n uitstalling gehou waartydens maatskappye inligting en verteenwoordigers aan studente beskikbaar gestel het. Die volgende dag is studente bekendgestel aan die jongste rekenaartegnologie. Die Coke-"down-downs" het die Vrydag plaasgevind, gevolg deur die Ingenieursbal later die aand.

Ingenieursweek het verlede Saterdag geëindig met die Bergfietskermesse, waarvoor 'n hindernisbaan rondom die ingenieursfakulteit gebou is. Volgens die voorsitter van die Ingenieurs-studenteraad (ISR), me Reinette Buckle, was die week baie geslaagd.



Een van die besoekende Deense studente saam met, van links, die aangewese rektor, prof Andreas van Wyk, die Deense ambassadeur, mnr Pieter Bruckner, die vise-rektor: akademies, prof Hennie Rossouw en die SR-voorsitter, André van der Spuy.
Foto: HELENA VAN ZYL

# Studente uit Denemarke lê besoek af

'n GROEP van veertien studente uit Denemarke het verlede week op Stellenbosch aangekom op die eerste been van hulle vyfweeklange toer deur die land. Hulle is by 'n verwelkomingsgeleentheid in die LSS deur die aangewese rektor, prof Andreas van Wyk, en die Deense ambassadeur vir Suid-Afrika, mnr Peter Bruckner, toegespreek.

Volgens een van die lede van die studentegroep, mnr Mads Tjaerby, word hulle deur oorsese maatskappye geborg om 'n studie te doen oor die bemarkingsmoontlikhede van produkte in Suid-Afrika.

Die toer sal afgesluit word met 'n besoek aan die Krugerwildtuin.



Een van die deelnemers aan die Bergfietskermesse hard aan die trap.
Foto: ADRIAN HUYSAMER

# Let op drag, sê SP-vrou

'N VROU moet, ten spyte van al haar mooi ideale en geleerdheid, nooit haar unieke vroulike aard verloor nie, het die Staatspresidentsvrou, me Marike de Klerk, verlede Vrydag tydens 'n tuinparty by Nerina gesê. Sy was die eregas en gasspreker by die geleentheid.

Sy het verder gesê 'n vrou word op grond van haar kleredrag beoordeel aangesien dit haar persoonlikheid en ook in 'n mate haar bekwaamheid weerspieël.

"Dit is daarom nodig dat ons ook weer na ons universiteitsdrag sal moet kyk", het sy gesê.

# Kales is stok in Kampuswiel

KAMPUSBEHEER gaan vanjaar poog om 'n doeltreffende sekuriteitsdiens te verseker om wette en reëls toe te pas én as nooddiens op te tree. "Dit is nie ons werk om agter kaal, dronk studente aan te hardloop nie," het 'n woordvoerder van Kampusbeheer, mnr Stephan du Toit, gesê.

"Ons is hier om onder andere studente se besittings te beskerm en ons kan nie ons taak verrig as ons tyd met onsinnighede opgehou word nie."

Volgens mnr Du Toit is die huidige sosio-ekonomiese toestand van só 'n aard dat misdade onrusbarend toeneem.

"Ons kan ongelukkig nie orals teenwoordig wees nie en doen dus 'n beroep op studente om hul besittings beter op te pas," het hy gesê.

# Ongeluk eis tweedejaar

'n TWEEDEJAAR mediese student van die US is verlede Saterdagoggend noodlottig beseer in 'n ongeluk op die pad tussen Kuilsrivier en Brackenfell.

Die negentienjarige me Corné Dreyer, woonagtig by haar ouers in Kuilsrivier, was op pad na Brackenfell om 'n vonkelwyn-ontbyt vir 'n vriendin se mondigwording by te woon toe die ongeluk plaasgevind het.

Sy het vermoedelik beheer oor die motor verloor en onder 'n brugreling in gery. Sy was reeds dood by die aankoms van die plaaslike brandweer en reddingsdienste.



# Pasop: Verkiesing voor

## Suid-Afrika begin mobiliseer vir 'n nuwe bestel

### Meer as net Ja of Nee

VIR die meeste Suid-Afrikaners wat al vantevore aan 'n verkiesing deelgeneem het, is die trek van 'n kruisie in die toepaslike blokkie vanselfprekend en eenvoudig. Dít is nie die geval met byna agtien miljoen Suid-Afrikaners wat vanweë Suid-Afrika se politieke bestel nog nooit aan vrye, regverdige en demokratiese verkiesings deelgeneem het nie.

Kiesersopvoeding is nie 'n eendoelige projek wat mense net gaan leer hoe en waar om te stem nie. Volgens me Marie Louise Ström, dosent by die Instituut vir 'n Demokratiese Alternatief vir Suid-Afrika (Idasa), moet alle Suid-Afrikaners voorberei word vir deelname in demokratiese prosesse.

Mense sal geleer moet word dat een verkiesing nie noodwendig 'n gemeenskap vir demokrasie sal voorberei nie. 'n Diepere vertroue in die demokratiese proses, wat vir baie 'n vae en nie-lewensvatbare oplossing is, sal gekweek moet word.

Om 'n behoorlike grondslag vir demokrasie in Suid-Afrika te lê, blyk opvoeding oor demokrasie 'n prioriteit te wees. Dis eers as mense die elementêre beginsels verstaan dat daar met entoesiasme en vrywilligheid gestem sal word.

Me Ström is van mening dat dit egter geen maklike taak is om agtien miljoen mense prakties te leer hoe die stemproses werk nie. Sy voel dat dít van groter belang is as die opvoedingstaak oor demokrasie.

Hierdie omgekeerde volgorde waarin kiesersopvoeding in Suid-Afrika plaasvind, noodsaak die ontwikkeling van unieke programme wat die diversiteit van Suid-Afrikaanse samelewing in ag neem.

"Die soort programme wat tans in omloop is, reflekteer die soort probleme wat ondervind word," aldus mnr Stiaan van der Merwe, woordvoerder van die Institute for Contextual Theology.

Me Nomavenda Mathiane, publisiteitsbeampte by die Institute for Multiparty Democracy, sê dat baie mense nie die gevolge of meganismes van politieke oorgang verstaan nie. Demokrasie is 'n abstrakte begrip wat nie hulle mae en woonplekke op 'n direkte manier gaan beïnvloed nie.

As gevolg hiervan meen ander organisasies dat demokrasie-opvoeding selfs belangriker as praktiese kiesersopvoeding is. Volgens mnr Roger Rudolph, voorsitter van Studente vir Menseregte (Stem) op Stellenbosch, is dit nodeloos om mense op te lei oor waar en hoe om te gaan stem as hulle nie die raamwerk verstaan waarbinne dit plaasvind nie.

Wat die problematiek hieraan verbonde in Suid-Afrika is, is dat daar teen tyd gespeel word, volgens me Ström.

"Tans is dit nog moontlik om die stemproses en verkiesings in die breë konteks van demokrasie te plaas, maar soos tegniese besonderhede duidelik word, sal die aanvraag vir praktiese kiesersopleiding oorweldigend word.

"Die Kieswet, wat binne die volgende paar maande gefinaliseer sal word, gaan alle onduidelikhede oor stemprosedures uitklaar. Eers nadat hierdie dokument gepubliseer is, sal dit moontlik wees om in volle swang met kiesersopleiding te begin.

"Omdat daar dan gekonsentreer gaan word op die plek en wyse van die stemproses, sal dit vir 'n rukkie moeilik wees om verby die verkiesing te kyk na die beginsels en prosedures wat demokrasie 'n werkbare oplossing maak."

"Die oorgang na demokrasie vereis 'n klemverskuiwing van protes na deelname en van boikotte na stemming. In beide teorie en praktyk blyk dit geen maklike taak te wees nie," sê mnr Jeremy Seekings, mede-navorser by die departement politieke studie aan die Universiteit van Kaapstad.

'n Hoë stempersentasie is van groot belang: Indien die stempersentasie in 'n komende verkiesing baie laag is, sal die geldigheid van die verkiesing in twyfel getrek word en die uitslae moeiliker aanvaar word. Die gevolge van 'n lae stempersentasie het die potensiaal om die hele proses in trurat te plaas.

Kiesersopvoeding is besig om deur meer partye met dringendheid bejeën te word. Dit blyk asof dit toegeskryf kan word aan die feit dat die geslaagdheid van die komende verkiesing 'n belangrike maatstaf binne en buite Suid-Afrika sal wees vir die toekoms van demokrasie in die land.



Foto: Die Suid-Afrikaan

### Eers kos of eers kies?

"DIE hoop en verwagtings wat mense net ná Februarie 1990 gehad het, is heeltemal verpletter. Hulle is mismoedig en voel nie dat 'n verkiesing hulle lot sal verbeter nie."

Volgens mnr Randi Erentzen, direkteur van Project Vote van die Centre for Development Studies aan die Universiteit van Wes-Kaapland, is dít maar een van die redes vir die kommer wat oor die komende verkiesing heers. Die organisasies wat betrokke is by kiesersopleiding moet mense gemotiveerd kry om te gaan stem, anders kan die legitimiteit van die verkiesing in twyfel getrek word.

Mnr Sifiso Mhlongo, programbeampte by die Institute for a Multi-Party Democracy (MPD), sê dat die meeste mense nog nooit aan demokrasie blootgestel is nie. Hulle verstaan dus nie die reëls van die spel nie en dit gee aanleiding tot baie wanopvattings. Hy sê verder dat dit moeilik is om vir honger mense te verduidelik dat 'n kruisie op 'n papier op die lange duur 'n verskil sal maak.

Me Marie Louise Ström, dosent by Idasa se Opleidingsentrum vir Demokrasie, voel dat die kompleksiteit van die situasie deur spesifieke faktore uiteengesit word.

Kiesers is onseker oor presies waarvoor hulle gaan stem. Die tegniese verskille tussen byvoorbeeld 'n oorgangsregering en 'n grondwetvormende liggaam is nie baie helder nie. Dit is moeilik om bogenoemde terme, wat binne 'n bepaalde konteks ontwikkel is, in Afrika-terme te vertaal en terselfdertyd hul betekenis duidelik te maak.

Pogings wat aangewend is om proporsionele verteenwoordiging te verduidelik, word met 'n diepgewortelde agterdog begroet. Daar is ook 'n gebrek aan vertroue in die beamptes wat die verkiesing gaan administreer. Me Ström voel dat nie eers die gewaarborgde teenwoordigheid van monitors die diepgewortelde agterdog sal kan verwyder dat beamptes die kiesers gaan mislei nie. Dis hoekom dit noodsaaklik is dat die meganika van die stemproses baie duidelik gemaak word.

Moontlike intimidasie kan nooit uit die oog verloor word nie. "Hoe gaan nie-geallieerde organisasies in staat wees om opleidingseminare in gebiede aan te bied waar vrye politieke aktiwiteit nie toegelaat word nie?" vra me Ström.

Mnr Jaap Marais, voorsitter van die Herstigte Nasionale Party (HNP), voel dat die hele kwessie oor die opleiding van stemgeregtiges 'n klug is.

Volgens mnr Marais sal 'n algemene verkiesing uitloop op 'n bieëry van partye vir die steun van die mees ongesofistikeerde deel van die bevolking, bloot omdat dit die meerderheid is en demokrasie kwantitief ingestel is.

Volgens 'n woordvoerder van die Nasionale Party is hulle kiesersopvoeding-program daarop gemik om soveel as moontlik mense op hulle kiesersrol te plaas en kring hulle veldtog nou wyer uit as gevolg van die uitbreiding van die 'kiesersmark'.

Mnr Tony Leon, DP-LP vir Houghton, koester bedenkinge oor die moontlikheid van 'n vrye verkiesing. "Hoe kan daar sprake wees van 'n vrye veldtog as groot dele van die land sogenaamde no-go gebiede is?"

Volgens me Ström is dit juis hierdie beleids- en klemverskille oor wat kiesersopvoeding behels en wie op watter manier betrek word wat mense net nog meer deurmekaar maak en vertroue in die stelsel afbreek.

"Ongelukkig blyk dit dat daar 'n groeiende gaping tussen die klein groepie opgevoede en polities aktiewe mense aan die een kant, en die massa gewone mense aan die ander kant is." Dit is die mening van Nomavenda Mathiane van die Institute for a Multi-Party Democracy.

Me Mathiane voel ook dat die taalgaping wat daar tussen politieke leiers en hulle ondersteuners is, wanopvattings laat posvat. Sy voel dat die politiese taal eers dekodeer moet word alvorens mense sal kan begin om met mekaar dit te bespreek waaroor hul leiers hulle inlig.

Die komende verkiesing plaas 'n indirekte verpligting op alle betrokke partye en onafhanklike organisasies om hierdie wanopvattings uit die weg te ruim. Die dringendheid van die situasie word verder weerspieël in die intensiwiteit van opleidingsprogramme. Dit wil dus blyk of die verkiesing deur baie organisasies as 'n gulde geleentheid gesien word om 'n ware begrip van demokrasie daar te stel.




### Politieke kennis die eindoel

AS 'n mens verby argumente van gaan-daar-'n-verkiesing-wees-of-nie kyk, blyk 'n naderende verkiesing 'n gevaarsone te wees. Met 'n ongeletterdheidsyfer van 40 persent in Suid-Afrika, wonder baie mense of verkiesingsonkunde ooit betyds uitgewis kan word.

Dis hierdie bekommernis oor die komende verkiesing wat aanleiding gegee het tot die skep van 'n Independent Forum for Electoral Education (IFEE) in 1992. Die IFEE poog om alle moontlike hulpbronne en die ervaring van verskeie organisasies te kombineer in 'n losse struktuur wat kiesersopvoeding kan koördineer.

Prof Hennie Kotze van die departement politieke wetenskap sê dat kiesersopleiding die proses is waarin die kieser geleer word hoe om te stem, en nie vir wie nie. Politieke geletterdheid is 'n langtermyn proses wat met burgerlike opvoeding begin (byvoorbeeld programme in skole).

Hy voel ook dat die opvoeding wat tans aangebied word, nie politieke geletterdheid sal kan instel nie, maar wel 'n basiese kennis van die politieke proses kan help vorm.

Praktiese kiesersopleiding beteken eenvoudig dat mense geleer word hoe 'n verkiesing werk. Daar word aan hulle verduidelik wat 'n stembrief is, hoe om te registreer en waar om 'n kruisie te trek.

In Julie 1992 het Idasa 'n dokument gepubliseer waarin die kiesersopvoedingproses soos deur hulle voorgestel, uiteengesit word.

Eerstens moet mense gewillig en in staat wees om te stem. Daar moet aan alle voornemende kiesers verduidelik word hoe om te registreer en watter dokumente hulle gereed moet hê. In Suid-Afrika is dit tans onmoontlik om 'n volledige veldtog hiervoor te loods, hoofsaaklik omdat die Kieswet nog nie gefinaliseer is nie.

Die stelsel van proporsionele verteenwoordiging, soos moontlik van toepassing in Suid-Afrika, maak dit moeilik om aan mense te verduidelik dat hulle stemme wel gewig dra. Daarom word daar veral in die landelike gebiede gebruik gemaak van verkiesingsnabootsings om mense vertroud te maak met die stelsel.

Tweedens moet mense weet hoe om te stem. Hoe eenvoudiger die stelsel, hoe makliker sal dit vir mense wees om te stem. Koerante, die radio en TV kan van hulp wees in hierdie opvoedingsproses, maar alternatiewe metodes is ook nodig. Voorstelle soos kerke en besighede wat kort seminare hou is al ingedien en word ondersoek.

Derdens is dit noodsaaklik dat mense sal weet vir wie hulle stem en hoekom hulle vir 'n betrokke party stem. Politieke partye sal alle middele tot hulle beskikking gebruik om stemme te werf. Daar moet gewaak word teen die oordrag van verkeerde interpretasies en verdraaide informasie wat kiesers kan mislei.

Kiesers moet besef wat hulle kan bereik deur vir 'n spesifieke party te stem. Verder moet hulle ook geleer word dat een verkiesing nie noodwendig 'n demokrasie sal vestig nie, maar dat dit van 'n gemeenskap afhang om die proses te laat werk.

Die klimaat waarin die verkiesing gaan plaasvind, is van uiterste belang. Die wanopvattings wat by soveel mense oor die aard van 'n verkiesing en demokrasie posgevat het, sal reggestel moet word.

Ongeletterdheid is nog 'n faktor wat in enige opvoedingsprogram van hierdie aard in ag geneem behoort te word. Na raming kan een uit elke drie mense in Suid-Afrika nie lees nie. Die ongeletterde deel van die bevolking behoort eerder vertroud gemaak te word met die verkiesingsprosedures as om demokratiese filosofieë aan hulle voor te lê.

Praatjies oor verkiesings het uitgekring van geslote onderhandelingstafels na Jan en San Alleman. Die vrae wat tans deur mense se koppe maal kan net deur deeglike opvoeding, nadat teikengroepe geïdentifiseer is, in antwoorde omskep word.

Verslaggewing deur: Albert Buckle, Marelize Görgens, Janice Henning, Nicola Schoeman, Lydia van Niekerk.

# Polisie-optrede kom onder skoot

**Die polisie het in die volgende jaar of wat, rondom die eerste volkome demokratiese verkiesing, 'n belangrike rol te speel. Indien dit nie by alle groepe as legitieme veiligheidsdiens gesien word nie, bestaan die moontlikheid dat elke groep of party die reg in eie hande kan neem. JEAN MEIRING het in die lig hiervan gaan ondersoek instel.**

"LAAT dit 'n waarskuwing wees aan enigiemand wat op 'n polisieman skiet," sê 'n polisiewoordvoerder vroeër vanjaar ná drie rowers in 'n skietery by Checkers in Sandton gedood is.

'n Onafhanklike patoloog verklaar dat 'n aangehoudene, mnr Bethuel Maphumulo, wat in 1990, volgens die Polisie, weens verdrinking omgekom het, eintlik verwurg is.

In Eikestadnuus van 12 Maart 1993 verskyn 'n berig oor vier bruin seuns wat na 'n mindere oortreding deur die Stellenbosch Polisie in 'n lykshuis ondervra en geslaan is.

Generaal-Majoor Nick Snyman (adjunk-streekkommissaris, SAP, Wes-Kaapland) sê sy organisasie is seer bewus van die geloofwaardigheidskrisis waarin dit verkeer en dat die SAP op 1 Januarie 1993 'n nuwe projek ter bevordering van gemeenskapsverhoudinge van stapel gestuur het. Een van die hoofkwessies wat aangespreek word is die vraag waarom die SAP vir so 'n groot deel van die bevolking onaanvaarbaar is.

Die doel van die projek is om die SAP "intern aanvaarbaar te maak vir waningeligtes. Verbruikersvriendelikheid en 'n landwye nouer skakeling tussen die gemeenskap en die SAP word beoog."

Genl-Maj Snyman sê omdat die SAP 'n staatsdepartement is, word dit as 'n magsverlengstuk van die regering gesien. Dit het tot gevolg dat die polisie vereenselwig word met die regering. "Anti-regeringskomponente gooi dus klippe na die polisie om indirek die regering te tref. Hierdie beeld moet verander word, omdat die polisie die samelewing se vriend is en daar is vir dienslewering."

Genl-maj Snyman sê die gemeenskap behoort in opstand te kom teen moord op SAP-lede. Die SAP se taak is die beskerming van onskuldige burgers teen kriminele elemente.

Genl-maj Snyman sê verder die aantygings dat die SAP verantwoordelik is vir die verdwyning van politieke aktiviste, soos die drie ANC-geaffilieerde gemeenskapsleiers, die sogenaamde Pebco 3, wat in 1985 spoorloos verdwyn het, grootliks ongegronde bewerings is.

## Interne ondersoek

Mnr Carl Niehaus van die ANC het egter gesê dat sulke bewerings en aantygings in alle gevalle in diepte ondersoek moet word. "Ons verwag dat die SAP volgens hulle eie reëls intern ondersoek sal instel, en dat die rekords hiervan bekendgemaak moet word."

Hy sê die ANC glo baie misdade word deur die Polisie gepleeg wat nooit openbaargemaak word nie. "Dit is dus nodig dat onafhanklike ondersoeke plaasvind, soos byvoorbeeld die Goldstone-kommissie. Die Polisie moet die politieke rol wat daaraan gekoppel is, naamlik die verlengstuk van die NP, afskud. Dit sal ook nie gedurende die interimperiode kan funksioneer nie."

Mnr Niehaus stel verder voor dat 'n streng gedragskode vir die Polisie neergelê word sodat dit die rol van vredesmag en beskermer kan vervul. Binne die polisiemag moet daar ook heropleiding en herskoling plaasvind.

Volgens prof Nico Steytler, Departement Publiekreg aan die UWK, het die SAP in die verlede, vanweë die sterk regeringsbeheer waaronder dit gestaan het, beslis 'n prominente politieke rol gespeel. Hiervan is die SAP se bevondsing van Inkatha gedurende die tydperk 1990-1991 om as teenvoeter vir die ANC te dien, 'n sprekende voorbeeld.

"Die SAP sal definitief hul tradisionele politieke kultuur moet afbreek sodat hulle nie net 'n spesifieke regering dien nie, maar aan die toekomstige parlement, waar nie meer net een segment van die gemeenskap verteenwoordig word nie, verantwoording doen."

Volgens prof Steytler is daar in die huidige regstelsel die probleem van informele diskresie. Enige persoon is vry om 'n klag by die polisie te lê, maar die polisie kan weier om klagtes te aanvaar. Sodanige diskresie is uiters problematies en sal spoedig uitgewis moet word.

Verdere probleme wat hy identifiseer, is die diskriminasie teen die laer sosiale klasse. Alle persone het vanaf die oomblik van arres 'n reg op regsverteenwoordiging, mits hulle dit kan bekostig. Dié reëling sluit outomaties die grootste deel van die bevolking uit: die polisie en die reg word derhalwe as in diens van die ryk (wit) burgers gesien.

## SAP-wanoptrede

Dié persepsie is die afgelope week in Stellenbosch versterk toe daar in Eikestadnuus van Vrydag, 12 Maart 1993, berig is dat vier minderjarige bruin seuns na arrestasie vir huisbraak en diefstal deur 'n plaaslike SAP-offisier in 'n lykshuis ondervra is. Die offisier het na bewering verminkte lyke en 'n kop aan die seuns gewys en hulle beveel om hul hemde uit te trek, waarna hulle geslaan is.

Na dié gebeure op 7 Februarie vanjaar, is hulle vrygelaat sonder dat klagtes teen hulle gelê is. Vier dae later is hulle weereens op dieselfde aanklagtes gearresteer. Hulle is by die polisieselle aangehou, waar hulle na bewering kos moes neem na die selle van volwasse medegevangenes én ander selle moes skoonmaak. Dit 'n oortreding wees van artikel 29 van die Wet op Gevangenes, wat verbied dat kinders aan meerderjarige gevangenes blootgestel word.

Kriminele klagtes van onder andere aanranding is teen die betrokke SAP-lede aanhangig gemaak. Mnr Rudolf Mastenbroek van die firma Chennels en Albertyn tree namens die seuns se ouers op.

Kolonel Chris Loedolff, Distrikskommissaris vir Stellenbosch, het in verband met dié bewerings die volgende verklaring uitgereik: "Beweringe word ondersoek deur 'n senior Polisie-offisier met die oog op strafregtelike en/of departementele stappe teen die lid/lede van die SA Polisie betrokke by die voorval soos deur die klaers beweer."

Majoor Sakkie van Zyl, Stasiebevelvoerder van die SAP op Stellenbosch het in 'n gesprek met *Die Matie* erken dat so 'n voorval plaasgevind het en dat een van sy personeellede daarby betrokke was. Hy het egter klem gelê op die gees waarin en die doel waarmee dit gedoen is. Hy het gesê die betrokke offisier het probeer om met skoktaktiek die jeugdiges te laat afsien van die misdaadpaadjie wat hulle betree het. Hy wou hulle wys wat die uiteinde is van 'n lewe van misdaad en geweld.

Luitenant AJG Linde, tweede in bevel by die Stellenbosch-tak van die SAP, het ook *Die Matie* te woord gestaan. Hy sê onomwonde dat die Polisie "almal op dieselfde skaal klassifiseer, of dit nou studente, bruinmense, swartes of vroue is". Hy het gereageer op bogenoemde bewerings, asook 'n aantyging wat 'n student aan *Die Matie* gemaak het van polisie-brutaliteit.

## Studente

'n Tweedejaarstudent het Die Matie vertel van 'n voorval waarin hy tydens Karnaval vanjaar betrokke was. Hy en enkele mansvriende, van wie alleen een dronk was, is voor 'n bekende drinkplek op die dorp deur die Polisie aangekeer. Hulle is sonder meer vir dronkenskap in die vangwa gestop. Die Polisie het gevra wat hulle beroep is. Toe hulle sê hulle is studente, het die Polisie 'n verkleinerende houding ingeneem.

Hulle is na die Polisiestasie geneem waar hulle aangekla is van dronkenskap. Een van die mans het gevra dat 'n bloed- of urinemonster van hom geneem word, aangesien hy oortuig was dat hy nugter was, en dat so 'n toets dit sou bewys.

Hierop het 'n Polisie-offisier hom deur die gesig geslaan. Die Polisie het geweier om hulle vir dronkenskap te toets, en het gesê dat hulle nie 'n prokureur mag skakel voordat die klag van dronkenskap teen hulle geteken is nie. Hulle is egter daarna 'n enkele oproep toegelaat.

Hierna het een van die studente by die deur probeer uitstap. Hy is deur drie offisiere geslaan en hierna is die hele groep na die selle gelei, waartydens 'n offisier probeer het om hulle met traangas te ontsenu. Hulle is daarna vir die nag opgesluit.

Lt Linde sê dat die Polisie in sulke gevalle kyk vir algemene tekens van dronkenskap, soos bebloede oë, die onvermoë om reguit te stap en om duidelik te praat. Al het mense die reg om een oproep te maak, is hulle gewoonlik so dronk dat hulle dit nie kan benut nie. Die Polisie is ook nie verplig om in gevalle waar dronkbestuur ter sprake is, toetse te doen om seker te maak of die aangeklaagdes wel dronk is nie.

Lt Linde sê hy betwyfel ten sterkste die betrokke studente se aantygings. Volgens hom sou geen Polisiebeampte so dwaas wees om sy loopbaan op die spel te plaas met sulke onverantwoordelike optrede nie. Hy sê dat indien die bewerings waar is, dit wel op brutaliteit sou neerkom, maar dat daar beslis nie op hierdie wyse teen studente gediskrimineer word nie. In sekere gevalle is geweld nodig, maar beslis nie wanneer die Polisiebeampte se lewe nie in gevaar is nie.

Generaal Johan van der Merwe, Kommissaris van Polisie, het in die Vrye Weekblad van 5 Maart 1993 sy organisasie se strewe so gestel: "Ons gaan die Polisie so aanpas dat hy die respek en vertroue van die allergrootste deel van die bevolking geniet. Ons gaan van die Polisie 'n dinamiese organisasie maak wat die uitdagings van die tyd met vertroue en sukses die hoof kan bied."

Verslaggewing deur Wilma Groenewald en Julia Streuber.

# Leer mekaar verstaan



**MICHAEL JONAS 'n BA-student in sy derde jaar. Hy gee sy perspektief oor intergroep-kommunikasie en die gepaardgaande struikelblokke.**

IN 'n diverse samelewing is doeltreffende kommunikasie van uiterste belang om struikelblokke uit die weg te ruim. Binne die Suid-Afrikaanse samelewing is daar 'n enorme aantal voorbeelde wat die pad na 'n suksesvolle kommunikasie strem. Hierdie struikelblokke is veral die gevolg van etnosentrisme, stereotipering en 'n tekort aan genoegsame kennis oor 'n betrokke kultuur.

Vooroordele kan aanleiding gee tot die ontstaan van stereotipes. Binne die Suid-Afrikaanse konteks, dra veral die media en familie by tot die opbou van stereotipes. Die media is geneig om 'n subjektiewe beeld van hetsy die politiek, sport of kulturele aangeleenthede te skep. Die betrokke persone word op so 'n manier gesosialiseer dat hy/sy 'n sekere stel reëls, norme en gevoelens teenoor 'n ander persoon of ras aanneem.

In Suid Afrika het stereotipering ook sy lêplekkie gevind in die multi-kulturele samelewing. Daar is oneindige voorbeelde, soos blankes wat swartes as dom, wreed en lui stereotipeer, terwyl swartes blankes as skynheilig, gevoelloos en onderdrukkend sien. Die voorkoms van dié stereotiperings is 'n aanduiding van die algemene gebrek aan vertroue tussen kultuurgroepe. Dit is nie net nadelig vir kulturele kommunikasie nie, maar dit hou ook negatiewe gevolge in vir die individu.

By etnosentrisme word die eie kultuur as maatstaf gebruik om 'n ander kultuur te oordeel. Sosiale waardes, persoonlike leefwyse, taal, godsdiens en estetiese standaarde word verheerlik. Die Suid Afrikaanse geskiedenisonderrig is 'n uitstekende vorm van etnosentriese instelling. Hierdie etnosentriese ingesteldheid word al vroeg by die kind aangekweek by wyse van opvoeding. Baie skewe voorstellings word aan die kind gemaak soos dat die Kangogrotte deur 'n ene Van Zyl "ontdek" is. In werklikheid was dit sy skaapwagter.

Etnosentrisme is nie net tot die geskiedenisonderrig beperk nie, maar ook tot die alledaagse lewe. Die gebruik van grappe, liedjies en massamedia is daarop uit om die eie norme voor te hou en die ander as afwykend te bestempel.

Die nadele van etnosentrisme is verreikend. Dit lei tot die verswakking van menseverhoudings en verhinder ook die uitruil van waardevolle kennis, idees en vermoëns in die interkulturele kommunikasieproses.

Probleme binne die nuwe Suid-Afrika sal deeglik en effektief opgelos kan word hetsy die hele land bereid is om te kommunikeer en ontslae raak van kulturele vooroordele. *(Mening verkort)*

# Perspektiewe en God



**THYS MOCKE is 'n LLB III-student en voorsitter van His People Christelike organisasie. Hy lewer kommentaar op die omstrede "Perspektiewe en Dinge" van 18 Februarie en 4 Maart.**

DIE "Perspektiewe en Dinge" van 18 Februarie 1993 het ongetwyfeld wye reaksie ontlok. In 'n geval soos hierdie waar diepgewortelde waardes aangetas word, is dit altyd moeilik om objektief te kyk na die aantygings wat geloots is. Dit is daarom van belang dat jy in jou beoordeling van 'n artikel soos "Perspektiewe en Dinge" die skrywer en jouself alleenlik aan die Skrif sal onderwerp.

By die lees van genoemde artikel tref die ydele wyse waarop die naam van God gebruik word (volgens Exodus 20:7 onaanvaarbaar vir die Christen) jou onmidellik.

Uit die geheel van die rubriek van 18 Februarie skemer dit deur dat mnr Visser aan God dink in 'n algemene konteks. Hierdie afleiding van mnr Visser se Godsbegrip word bevestig in uitlatings soos "God can't be exclusively Christian" wat in die "Perspektiewe en Dinge" van 4 Maart veskyn. Hierdie beskouing is die grondbeginsel van die Nuwe Era-beweging en daarom iets waarmee die Christen hom nie kan vereenselwig nie.

Mnr Visser vergelyk Christenskap met 'n verwarde student op 'n Duplex-toer. Hierdie is 'n aanklag wat by elke Christen om selfondersoek roep.

Soos blyk uit die omvang van reaksie op die artikel van 18 Februarie, voel elke Christen verplig om te reageer. Hier kan ons alleen teruggaan na die Skrif.

Geen duideliker riglyn kan dan gevind word as in II Timotheus 2:23-26:

"En die dwase en onverstandige strydvrae moet jy afwys, omdat jy weet dat dit twis verwek; en 'n dienskneg van die Here moet nie twis nie, maar vriendelik wees teenoor almal, bekwaam om te onderrig en een wat kwaad kan verdra. Hy moet die weerspanniges in sagmoedigheid teregwys, of God hulle nie miskien bekering sal gee tot die kennis van waarheid nie, en hulle weer nugter kan word, vry van die strik van die duiwel, nadat hulle deur hom gevang was om sy wil te doen."

Uit dit wat nou uit die Skrif na vore kom, dwing dit ons as Christene om ons self af te vra waarom mnr Visser die Christene so voorstel. Het die Christen op Stellenbosch dan nie 'n rigtinggewende verhouding met God wat ook vir mnr Visser in sy soeke na God kan help nie?

Laat ons dan nie veg teen vlees nie. Laat die liefde wat alle verstand te bowe gaan (I Kor 13) en wat ook in ons hart moet woon, só deurspieël word deur ons lewens, dat wanneer iemand dit weer nodig vind om die Christene te moet defenieer, dit nie weer so hoef plaas te vind nie.

Laat ons dan ook nie die opdrag vergeet van Markus 16:15:

"En Hy het vir hulle gesê: 'Gaan die hele wêreld in en verkondig die evangelie aan die mensdom," sodat die vele "mnr Vissers" die ware God kan ervaar. *(Mening verkort)*

# so by the way...

Die Universiteit van Stellenbosch het in die laaste tyd heelwat publisiteit ontvang vanweë aantygings rondom oriënteringswanpraktyke wat na bewering nog voortgaan.

Nie net *Die Matie* nie, maar ook ander koerante het heelwat briewe ontvang, waarin daar oor oriëntering bespiegel is. Dit is egter opmerklik dat die meerderheid van hierdie briewe hulle ten sterkste teen dié aktiwiteit uitgespreek het.

Elita du Toit, wat in 1984 'n eerstejaar student aan die Universiteit van Stellenbosch was, skryf in haar brief aan die *Argus* van 11 Maart die volgende: "Inaction by the University of Stellenbosch has allowed the abuses to continue year after year, and can be seen only as approval of initiation. Encourage your children to lay charges at the police station, because the Broederbond inner circle at Stellenbosch will merely protect the guilty."

'n "Oud-Simonsberger in R" stel in sy brief aan *Die Burger* van 10 Maart die volgende vraag: "Hoe lank sal dit duur voordat sekere elemente in universiteite besef dat ware samehorigheid, trots, lojaliteit en respek nie meer met 'n sinlose geboelie tot stand gebring word nie?"

'n Mens kan nie anders as om tot die gevolgtrekking te kom dat houdings en aantygings soos hierdie die beeld van die Universiteit van Stellenbosch geweldige skade kan berokken nie...

# Die Matie

## Redaksionele Kommentaar

Donderdag 18 Maart 1993

## *En nog 'n monster*

DIE doopmonster word toe verlede Dinsdag 'n monstervergadering, en alhoewel daar in goeie Stellenbosch-tradisie slegs 397 stemgeregtiges opgedaag het, was dit 'n beklemmende ervaring.

Dit was 'n donker dag vir Stellenbosch toe diegene wat dan sou kom protesteer teen die sogenaamde godslasterlikheid en kru taal in "Perspektiewe en Dinge", hulself aan hul mede-studente en die Kaapse dagblaaie ten toon kom stel het. Hulle barbaarse gedrag het 'n wrang smaak in die mond van beskaafde mense gelaat.

Dit is terselfdertyd eintlik hartseer om te sien hoe hierdie "behoudendes" hulself elke keer in die voet skiet as hulle kom betoog, want hulle gee elke keer soveel meer aanstoot en doen soveel meer skade as wat enige berig of rubriek in Die Matie ooit sou kon vermag.

Die optrede het 'n mens ook laat wonder oor die legitimiteit van die aanklagte teen Die Matie, veral uit koshuisgeledere, van "onsensitiwiteit" teenoor ons lesers. Sulke aanklagte word skreiend ironies in die lig (of duisternis) van gebeure die laaste paar weke op Stellenbosch.

In dieselfde asem wat hulle Die Matie eensydig en onsensitief noem, hou die inwoners van Simonsberg 'n "Boipatong-Bisho Memorial Sweepstakes" by die Groot Met. Dieselfde manne, saam met hulle prim, storm voorverlede Sondag in 'n groep van meer as 'n honderd by ons gunsteling studenterestaurant, die Loeloeraai, in, ruk en pluk aan die kelnerinne en ontwrig die enkele ander studente se Sondagmiddagetes.

By Dinsdag se monstervergadering daag 'n groep Helderbergers op met 'n banier "Moffies oorleef nie - slag Visser". Een het selfs 'n sambok by hom gehad. Hulle "boe" vir persvryheid en ontwrig sprekers.

En verlede Vrydagaand het drie Helderberg-manne vir Marius Visser, waar hy en sy meisie rustig op die Dros se stoep geëet het, uitgevloek, aan hom gepluk, sy meisie geteister en beledig en aan hom geslaan toe hy homself en sy meisie probeer verdedig het.

Twee van die drie was dieselfde manne wat Marius in sy eerstejaar in sy kamer aangerand het toe hy nie in dooptyd liedjies saam met die res van die koshuis gesing het nie. Julle weet wie julle is.

Dis sulke dae wat 'n mens wonder of die sogenaamde hoër opvoeding op Stellenbosch hoegenaamd enige doel dien. Die arrogansie onderliggend aan hierdie tipe optrede kan net behoort aan bevoordeeldes wat nog nooit nodig gehad het om na enigiemand behalwe hulle pa's en Neefs te luister nie.

Ons verstaan dat die wit Afrikanerman se wêreld besig is om drasties te verander en dat enige verskynsel soos 'n Marius Visser of kritiek teen doop geïnterpreteer word as 'n persoonlike aanval op alles waarin hulle glo en waaraan hulle hul mag in die samelewing ontleen.

Maar uiteindelik moet daar 'n punt wees waar ons ook sê dat ons nie verder sulke onbeskaafde optrede duld nie. Die geweld (in watter vorm ookal), arrogansie en algehele ontkenning van enigiemand anders se mening en gevoelens is eenvoudig onaanvaarbaar. Hoe lank moet daar nog voorsiening gemaak word vir argumente wat uit onregmatig-toegeëiende mag en irrasionele vrees ontwikkel en basiese beginsels van menslike gedrag minag?

## *Ons hoor wat julle skree*

EN soos almal kan sien, is Marius Visser se "Perspektiewe en Dinge" steeds hier. Ons wil dit duidelik stel dat Die Matie nie "groot geskrik" of "ingegee het" omdat daar druk op ons geplaas is nie, maar omdat ons, anders as dié wat so beledigings rondslinger, kritiek en kommentaar positief en konstruktief kan hanteer.

Ons waardeer die menings van al diegene wat op 'n beskaafde wyse hul menings en selfs misnoë met ons kom deel het. Die Matie is ook mark-sensitief en ons het deeglik kennis geneem van almal se gevoelens.

Ons is ook dankbaar vir die oorweldigende ondersteuning wat ons uit alle oorde ontvang het sedert die nou reeds berugte "Doop gaan voort"-uitgawe. Van oral oor die land het oud-redaksielede van hulle laat hoor, en dosente en dorpsinwoners het hul hulp en dienste vryelik aangebied. Ons waardeer die bystand ten sterkste.

## *Die begin van die einde*

DIE vinnige en daadwerklike optrede van Administrasie oor die rasse-aangeleentheid op kampus is bewonderenswaardig. 'n Skerp veroordeling van enige voorvalle van rassisme deur universiteitsowerhede is die eerste stap na 'n universiteit wat gereed maak vir 'n nuwe bedeling. Ons hoop dat die boodskap sterk en duidelik na alle studente en werknemers van die universiteit sal uitgaan.

# Kampusquotes

**"I'm the Christian the devil warned you about."**
Gesien op 'n T-hemp.

**"Ek het nie geweet of ek moet kyk of lees nie."**
Iemand oor die sekstonele in Betty Blue.

**"Enigiemand met bietjie van 'n IK kan dit nie verstaan nie."**
By die monstervergadering gehoor oor Perspektiewe en Dinge.

**"Die Matie is Die Burger met 'n beter attitude."**
Gereelde bron van kampusquotes in De Akker.

**"Kulturele Entrepeneurs...die Broederbond!"**
Sosiologie-dosent, buite konteks aangehaal.

**"Die begrip 'Reproduktiewe Fiksheid' - waar sal ek begin en waar sal ek eindig?"**
Dieselfde dosent, buite dieselfde konteks aangehaal.

**"Maties is nie wit of swart nie, maar maroen en geel."**
SR-voorsitter André van der Spuy.




"Hulle geheime agenda het weggeraak."

# Brief van my vakansie

**PERSPEKTIEWE & DINGE**



Marius Visser

SO, wat gaan dit wees, hûh?

Daar was ek, dis nou Eric, en my drie buddies, dis nou Pieter, Doug en Dof, en Dof is regtig dof, en ons het in Birdstraat afgeloop en ons minds probeer opmaak oor wat ons met die aand wil doen, so vrek donker koel somer vervelig maar droog.

So wat gaan dit wees, hûh?

Ons loop nog so denkend en wonder toe sien almal asof meteens die figuur sit en ons kyk.

Dís wat dit gaan wees, hûh!

Hy sit kopknikkend op die stoep van Die Dros, drink rooiwyn, staar en kyk, sy oë vas op haar. Ek, Dof, Doug, Pieter, ons stop vas in ons tekkies, vas gestop in die straat, kyk. Verbasing is die algemene indruk wat hier geskep moet word. Die leser moet wonder, wonder oor wie? wat? waar? en ander.

Hy. Sit. Staar. Haar oë op. Haar. Wyn.

Jy! ons, veral Dof, ons sê met intensies; Ons vergelyk jou met 'n sekere deel van die menslike anatomie.

Hy gluur. Hy gluur. Hy.

Voer perversiteite met julself uit. Sy advies aan ons, veral Dof.

Snaaks moet ek antwoord. Snaaks.

Die toneel is opgestel. Kameras sal nou begin draai. Omstaanders sal vermaak word. Kyk. Alles is in gereedheid. Ek sê reg in sy gesig: Haai, vriend. Hoe gaan dit? Mense raak reeds opgewonde oor ons taalgebruik. Kyk, dis tyd om hulle gerus te stel. Ons vriendskap verbreek alle grense. Kennis van mekaar is ewige kennis. Amper heilig.

Hy lag die lag. Groet, hand uitgestrek, amper heilig omhels hy my. Groet Dof Doug die Pieter-faktor. My vriende een vir een gegroet deur hom. Hy groet hulle. Een vir een.

Ons vorm die band, die bond, amper heilig, amper in die wêreld amper buite en dit word genoem soos hy dit verwoord:

Die Vriendskap Van Tyd En Altyd.

Ek vergewe jou vir jou taalgebruik, aardbewoner.

En hy vergewe my.

Die klein vriendskap is nuutgebore. Hy weet van niks, en voel alles; reg rondom hom is perfekte vreemdheid (van sonlig en geure en sang). Dis orals ('n welkome droom: dit is verbasend) in die wêreld. En dit lê in hierdie wêreld, gladmooi gevou: 'n lewende groeiende stilte, en; dis: iemand.

Tot hier het jy gelees en verlore geraak. Die uitputting is sigbaar op jou voorkop. Stop , ; : .

Die ernstige leser het 'n verantwoordelikheid teenoor die skrywer om alle vooroordele momenteel te laat vaar en op 'n onpersoonlike wyse die teks te oorweeg. Die goeie skrywer, daarenteen, maak haarself duidelik genoeg en tog ook vaag. Anargisme wil nie algehele chaos hê nie. Kommunisme wil nie algehele Godloosheid hê nie. Buddha is nie 'n dorpie in Namibia nie.

Stop , ; : .

Lê terug op jou bank, stoel, vloer, matras. Dink aan 'n kat. Swart, wit, gemmer. Die kat. Op die bank. Val af en spartel. En loop weg asof niks gebeur het nie. Grafies soos 'n ee cummings gedig. (Dit is.) Hy saai nie en hy maai nie. Niemand wys vir hom of sy meisie tekens nie. Hy is vry. Asof niks gebeur het nie. Maar niks hét gebeur nie.

Jy het net gesit: gelees aan *Die Matie*. Stadig. Dit het 'n rukkie geneem om rustig te raak. Om jou bene reg te vou vat tyd. Eers was jou kop op jou linkerhand. Gerus. Daarna regs, weer links. Menige male het jy gekrap. Almal spandeer ure per week aan krap. Jou oor het gejuk. Jou arm; maag; been; nek. Sweet vorm op jou rug en binnebeen. Arme leser! Jy's so ongemaklik.

Stop , ; : .

Weer eens. Wag eerder tot jy gemaklik is. Op jou bed, weg van die Neelsie troebel geraas. Wat gaan dit wees? Dowwe miskonsepsie of suiwer miskonsepsie. In jou leunstoel / bed / bad sal jy beter mosies uitdink om die skrywer te verwyder / beter argumente om *Maties* te verbrand / redes vir wraak. In die soel gemak van jou koshuiskamer, met die nat gedrup van stortkrane, uit die dieptes van jou hongerte en die verlate vlaktes voor aandete, met die kreun van dreinpype, sal jy vry wees.

So, wat gaan dit wees, hûh?

Gaan jy 'n nuwe kitaar koop? 'n Kragtiger kar ry? Regdeur die nag werk? In gevegte betrokke raak? Die ligte aan los, bomme gooi, deur Namakwaland toer, siektes optel, families ontwrig, blomme stuur deur Interflora, suip vir Afrika, sielkundiges besoek, ophou vleis eet, skaars slaap, mense aanhou as troeteldiere, honde afrig, rotte laat resies hardloop, die solder vol kontant prop, skatte vergader, vrye tyd wegbêre, maar, nooit; rus: nie.

Met jou rug teen die muur.

("Oooh, babe! Don't leave me now!")

Is jy gelukkig in die wete dat jy nie weet wat volgende gaan gebeur nie?

JA.

Jy, as leser, moet verstaan dat alles eendag gaan eindig: tagtig jaar as jy gelukkig is, selfs minder. 'n Nuwe perspektief op dinge hou hoogstens tien minute - vandat die dokter jou onderstebo gehou het en die slym uit jou bors uit geslaan het, totdat jou broers of kinders jou in jou gat laat sak - sal jy altyd net een manier hê van kyk na dinge om jou: uit die perspektief van iemand wat lewe.

. : ; ,

Selfs dit is subjektief.

Metalheads is nice mense Pll



# DAG en NAG

Donderdag 18 Maart 1993



Tobie die stil skaam reus pll

# Casper, laat die mense lag



Foto's: HELENA VAN ZYL

## Casper sê en sê sy sê

Deur **KOBUS BURGER**

CASPER lyk soos 'n stout skoolkind met 'n Mickey Mouse wat tot op sy pét pryk: "Die Mickey Mouse-klere is nie 'n image nie, dis net 'n fase," verseker hy my en skuif die pet dwars op sy kop.

Casper de Vries het reeds in sy studentejare op Stellenbosch sukses met sy produksies behaal. Tog het hy nooit sy dramastudies voltooi nie. Hy skroom ook nie om te sê hy het sy tyd gemors nie.

"Iets soos drama-swot is belaglik. Jy lees maar net boeke teen 'n betaling van R4000 per jaar. Wat vir my lekker was is dat ek mense ontmoet het en kennis gemaak het met die bedryf, op 'n klein skaal. Ek het my shows gedoen en verskriklik teenkanting gekry. Snaaks genoeg van die dosente. Ek moes dit nie doen nie, ek maak my naam gat en sulke goed, moes ek aanhoor."

Hy ontvang in 1986 die Fleur du Cap-toneelprys vir die mees belowende student. Hy kry díe prys nadat sy groepskabaret, *Hallo Suid-Afrika*, groot sukses by die Grahamstadse Fees behaal het.

"Ek voel baie min vir verering as dit kom van kritici of so, regtig. Ek kan sien hoe hulle oordeel: hulle gebruik nie hulle sense nie. Maar ek kry baie aanbiedinge van communities in die platteland wat my iets in die hand wil stop. 'n Stuk plaak deur Colgate of wat ook al. Ek aanvaar dit, dit is vir my nice, want dit is tog die mense vir wie ek werk. Maar die Fleur du Cap sal ek nie weer aanvaar nie, omdat...die mense wat besluit om dit uit te deel...wel, ek respekteer hulle nie."

Daar is vir hom 'n fyn lyn tussen "cruelty" en "constructive criticism":

"'n Resensie is aan die einde van die dag absoluut niks. Dit is iets wat in druk verskyn het in 'n provinsie aan die suidpunt van Afrika. So, dit is eintlik pateties, maar ek hanteer resensies sleg. Jy kry resensente wat vooraf besluit hulle gaan nie daarvan hou nie en dan allerhande foute soek. As dit constructive criticism is, hanteer ek dit goed, en dan luister ek."

Tans is dit vir hom noodsaaklik om alleen te werk, want met sy eenmanvertonings is hy in beheer van dit wat op die verhoog gebeur. Dit voorkom ook dat hy gou verveeld raak en maak sy produksies baie plooibaar. Hy beskou steeds sy werk as kabaret, wat hy destyds definieer het as 'n "knypie in die binneboud van die samelewing".

"'n Knypie in die binneboud is maar net om mense te laat skrik. Nie noodwendig om mense te skok nie, maar miskien om hulle anders te laat kyk na dinge. Sekere onskuldige goed in my shows is vir party mense heavy, regtig! Dis so onskuldig, maar jy stuur iets op wat vir baie dierbaar en eie is."

Casper is ook al gevestig as televisiepersoonlikheid en sy tweede programreeks sal eersdaags op TV1 gebeeldsend word.

"Ek het in 1988 begin met die programkonsep, maar die SAUK het gesê hulle is te bang. Dit gooi albei partye uit en dan pas jy maar aan: hulle gooi meer wyn by hulle water en ek meer water by my wyn. So, ek hoop die De Vries-show is 'n voorloper vir 'n volwaardige satiriese komedieprogram op televisie."

In sy kabaret *Hallo Suid-Afrika* het hy na die SAUK verwys as 'n "kuise ou kas". Hoe sien hy die SAUK veral noudat hy vir hulle werk?

"Die SAUK probeer hulle bes om hip te wees, maar duidelik word dit nog ge-run deur 'n klomp mense wat nog van daardie tyd kom van *OORLEWING* waar twee katjies op die televisie paar. Daar gaan nog 'n omwenteling kom en hulle probeer ten minste, ag shame."

Oor vryheid van spraak het hy heelwat te sê. Dit is iets wat hom baie na aan die hart lê, aangesien hy al met gehore te doen gehad het wat uitgeloop het terwyl hy 'n skets oor die Hemel doen.

"Ek dink 'n baie goeie voorbeeld van hoe ons kan wees, is as jy kyk na Holland, wat ons familieland is. Hulle het in 1960 'n tipe van 'n turnabout gemaak en so vry geraak soos hulle vandag is. So vry dat 'n mens eintlik skrik daarvoor. Ek dink vryheid van spraak moet aangeleer word oor generasies. Dis dan eenvoudig aan die einde van die dag. Jissie, jy leef eenkeer en dit is ondenkbaar dat daar iemand kan wees wat miskien 'n IK het van 45 punte laer as joune, wat kan besluit, of vir jou kom sê wat jy mag skryf of nie mag skryf nie, en mag lees of nie mag lees nie, en dink of nie mag dink nie.

Sy lewensdoel duik onverwags op. "Waar ek ook al mag wees voor my dood, of dit nou Suid-Afrika gaan wees, of dalk eindig ek in Irak, ek weet nie, as briljante nuusleser? Mense moet op die ou einde op hul sterfbed lê en as jy vra: Hoe was jou lewe?, moet hulle sê: "Dit was fine, maar ek het nog nie vir Casper de Vries gesien nie." Almal moet voel as hulle nie na my show toe gaan nie, is daar k**."

## TEATER THEATRE

## Small Talk – Reuse sukses

Deur LOUISE ERASMUS

**TONEEL SMALL TALK**

**AKTEUR Casper de Vries**
**MUSIEK Andrew Roos**
**TEATER Theatre on the Bay**

CASPER sien sy eie *Small Talks* as 'n kind wat 'n mens grootmaak en in elke vertoning sien groei.

Vandat die gordyne oopgetrek word en die Oud-Matie op die verhoog gehardloop kom, besef jy dat díe klein reus iemand is wat jy nie oor die hoof moet sien nie.

Al vertel hy van sy laerskooldae toe hy met miere en kokkerotte "Doom-Doom" en "let Baygons be Baygons" gespeel het, is dit beslis nie meer sy speelmaatjies nie. Hy spreek almal om ons aan, só dat ons baie lag en bietjie huil: "This small person may be talking, but the talk is no small-talk."

Hy begin deur ons saam te neem na feetjieland waar die wolf 'n vegetarieër geword het en Jan met die klim van die boontjierank die ozoonlaag opdinges. Ou tannie Viljoen se skoen is leeg na 'n gesinsmoord en die pedofiel wat in die hof verskyn het, hou definitief verband met Hansie en Grietjie wat uit die bos moes vlug.

Met Andrew Roos se musiek in die agtergrond (alhoewel somtyds in die voorgrond) gesels ons oor die politici wat dalk in die Nuwe Suid-Afrika in advertensies moet belê. Die Nasionale Party kan hulp by Nasional Panasonic gaan aanklop met: "Quest for zero effect." Apla sal byvoorbeeld meer gemeensaamheid by Coca-Cola vind met 'n beleid van: "You can beat the government, but you can't beat the feeling!"

Nie dat sy die enigste gaskunstenaar was nie. Bewonderaars van Michael Jackson kon hulle verlustig in sy 'lugwaardin' en later is daar hulde gebring aan Afrikaanse musiek op 'n geCasperiveerde wyse met Bles, Cora, Steve en ander.

Ná Steve Hofmeyer se liedjie, wil jy ook vir Casper vra: "Hoe, hoe, hoe doen jy dit?" Die antwoord lê nie vêr nie, hy bely self as trauMATIESE MATIE dat hy nie 'lekker' is nie. Al kan jy nie soos sy Voortrekkerpêlle, 'n mes uitruk en spoorsny nie, is jy gou op sy spoor en weet jy dat hy vir én teen alles is. Só het hy ook vir die SAL 'n nuwe slagspreek: "We did not invent perfection, we just flew past it."

Van geskiedenis weet ons almal ook nou baie meer. Veral van die wel en weë van Jan van Riebeeck toe hy as verversingsknaap by die Kaap afgelaai is.

As jy uitloop met die laaste woorde oor Sadam Hoesein nog in jou ore, wonder jy nog lank: "Hoe sane is jy?"




Kuilsrivier het geruk met Rock toe sewedulsend raas-honger
musiekmaniake Saterdag die Hoërskool De Kuilen se rugby-
veld vertrap het. Stellenbosch was veelvuldig verteenwoordig
met Valiant Swart fanatics wat hopelik luidkeels hul misnoë te
kenne gegee het met ye-ye ('n Afrikaanse teeny-bob band).
Anton Goosen, Lucas Maree, Danie Niehaus, Laurika Rauch,
Elsabé Zietsman en Johannes Kerkorrel het rof opgetree. Toe-
vallig was die musiek hoofsaaklik Afrikaans. Behoort dit saak
te maak?

Foto: SAREL VAN DER WESTHUISEN

## A film feast for the eyes

Deur **IZETTE MOSTERT**

THE Cape Town Film Festival returns to the Baxter and Labia screens from 12 April until 1 May.

Highlights in the programme include the Austrian film season featuring the best contemporary work from Austria, an in depth focus on the Swiss film industry and a retrospective reflection on the work of Nadia Tass and photographer David Parker who are leading Australian Directors acclaimed for their unique first film *Malcolm*.

Tass and Parker, the honoured guests at the festival, will introduce their four films *Malcolm, Ricky and Pete, The Big Steal and Pure Luck* and lead a discussion with the audience after each screening. They will also present three workshops on film direction, script-writing and cinematography.

The Austrian director, Michael Schottenberg and producer Veit Heiduschka, will also be present to introduce their prize-winning feature *Caracas* as well as *The Seventh Continent* and *Averill's Arrival*.

Other highlights include Nicolas Toeg's *Cold Heaven*, a spiritual thriller on sexuality, guilt and retribution starring Theresa Russell and Mark Harmon. The 1991 Oscar winner for "Best Foreign Film", *Journey of Hope*, by Xavier Koller, a moving account of a Turkish family attempting to cross the border will also be screened.

Margarethe van Trotta's *The Return*, starring Barbara Sukowa and Steffania Sandrelli as best friends in love with the same man, is also planned for screening. *La Belle Noiseuse* is Jacques Rivette's monumental study of an ageing painter (Michel Piccoli) brought back to the canvas by a beautiful young model (Emmanuelle Beart).

Paul Cox's eccentric outback tall-tale of three desperado brothers who kidnap their 14 year old second cousin *The Nun and the Bandit* is bound to entertain the audiences.

*Mindwalk* starring Liv Ullmann, John Heard and Ione Skye is "A film for passionate thinkers" which reflects on Darwin, Beethoven, Alice in Wonderland and a host of other geniuses.

Other films not to be missed are *High Heels*, the most recent film from the controversial Spanish wizkid, Pedro Almodavar; Fellini's *Intervista* and the acclaimed Swiss Director, Alain Tanner's *A Flame in my Heart*.

Bookings open at Computicket on Wednesday 31st March, 1993. A special student discount of approximately R5 will be offered to students who present their student cards at the ticket offices.

# 'n Stil, skaam reus

Deur TANIA BOTHA



Foto: SAREL VAN DER WESTHUIZEN

TOBIE CRONJÉ mag vir sy gehoor by die Baxter die groot vriendelike reus wees, maar na 'n paar minute in sy geselskap kom 'n ouer kinderverhaalherinnering onwillekeurig by my op: die lang, skaam man.

Hy kom deur die foyer van die Baxter aangestap vir ons onderhoud; halfpad word hy deur 'n groot groep kinders oorval. Hulle wil almal met hom praat, aan hom vat. Uiteindelik kan hy hom van hulle losmaak. "Hallo, ek is Tobie," sê hy op die nie-aanmatigende manier wat ek later agterkom byna alles wat hy sê punktueer.

Aanvanklik kom hy gespanne voor; terughoudend en moeg - heel te verstane van iemand wat die afgelope twee weke al twee shows per dag doen. Die onderhoud begin 'n bietjie styf en Tobie skuif ongemaklik rond terwyl daar foto's geneem word. Nadat die kamera gebêre word, begin hy merkbaar ontspan. Ons begin by die begin.

Hy het sy opleiding by Tukkies ontvang, nadat hy met George Ballot bevriend geraak het en so gefassineer was met die goings-on by die dramafakulteit dat hy besluit het om B.Mus. vir drama te verruil. Ek vra hom hoe hy by televisie en film betrokke geraak het. Dit blyk letterlik én figuurlik 'n ongeluk te gewees het. Hy was besig met 'n produksie saam met Janice Honeyman, toe die twee een aand besluit om te gaan ysskaats. Janice wou huistoe, maar op Tobie se aandrang het sy nog een laaste rondte om die baan gedoen. Sy val toe en breek haar been. Katinka Heyns is ingebring om haar rol oor te neem. ("Vier dae voor die openingsaand het sy begin om die rol te leer. Sy was ongelooflik.") Sy het die regte mense geken, en uit dié ontmoeting het die gelukkige vennootskap tussen hulle gegroei. Eers in *Sersant en die Tigermoth* en toe *Willem*, wat van Tobie 'n huishoudelike naam gemaak het.

Ek vra hom na sy gunsteling rol, maar hy is ontwykend: "Jy sal dit nie uit my kry nie. Daar is nie een nie; dit is wat ek ook al mee besig is."

Ons beweeg na *Being Human*, die rolprent waarin hy teenoor Robin Williams speel. Word hy nie moeg vir die gedurige gehamer op Robin Williams nie? "Nee." 'n Mens kry die gevoel dat hy in elk geval eerder oor Williams as oor homself wil praat. Hoe groot was sy rol presies? "Sien jy hierdie rafel?" Hy wys na 'n klein draadjie op die tafeldoek. "Dis my rol." Hy gooi die offending rafeltjie weg oor die Baxtervloer. "Dié vloer - dís die rolprent!"

Na nóg 'n non-committal antwoord, sê hy dat verhoog steeds sy gunsteling medium bly: "Daardie kontak met die gehoor is belangrik." Oor sy rol as die *Big Friendly Giant*, sê Tobie dat kinders soms die wispelturigste gehore kan wees: "Soms lag hulle waar ons dit nie verwag het nie, en vice versa". Die meeste mense dink aan Tobie Cronjé as klugtige komediant, maar dis om sy wye en gevarieerde talent en repertoire te onderskat. Hy is gesout in kabaret, Shakespeare, musicals, verhoog-, televisie- en oorklankingsregie - "dít wil 'n mens eintlik nie noem nie, maar dis brood en botter". Onder sy regiekrediete tel onder andere die hoogsuksesvolle *Nunsense* vir Pieter Toerien in *The Theatre on the Bay*. Verder fassineer mimiek hom, en hy sal graag meer in díe genre wil werk.

Enige projekte in die vooruitsig vir die onmiddelikke toekoms? Daar is 'n toneelstuk, *Pianoman*, wat John Hunt jare gelede vir hom geskryf het. Dis 'n tweeakter waarin Tobie die rol van iemand met selfmoordneigings speel, en wat terselftertyd vir hom die geleentheid bied om sy klaviertalent op die verhoog ten toon te stel. Binnekort sal hy ook weer op TV-skerms te sien wees in enkelepisodes van *The Big Time 2* en *Manakwalanders*.

Watter rol wil hy nog die graagste speel? "King Lear," sê hy met sy kenmerkende skeeloogkyk. Wees ernstig! "Ek is." En somehow weet ek hy is altyd.


# Die terugtog na kammaland

TEATER THEATRE

**TONEELSTUK THE BFG (Big Friendly Giant)**

**DEUR Roald Dahl**
**REGISSEUR David Wood**
**MET Tobie Cronjé, Heather Schiff, en ander**
**TEATER Baxter Auditorium**

Deur TANIA BOTHA



TOBIE CRONJÉ is die BFG, 'n goedige Klaasvakie-karakter wat 'n alleenstryd voer teen "cannibully" reuse soos Fleshlumpeater en Gizzardgulper, wat graag in Wellington gaan jag omdat die kinders daar na leer smaak, en leer smaak "bootiful"!

Hy stel ons bekend aan 'n fantasiewêreld bevolk met allerlei groteske monsters en eienaardige eet- en drinkgoed. Nie alleen red hy die wesie, Sophie, van hul gastronomiese gruweldade nie; hy voer ons ook mee na die balsaal van Buckingham Paleis, waar die arme koningin 'n "horribilis" nagmerrie, erger as Camillagate, beleef wanneer die Bonecrusher en sy trawante lus kry vir Engelse happies.

Dít is die trant waarin David Wood Dahl se storie aangepas het, en dit werk heel goed op die verhoog. As teater benut die stuk al die tools tot sy beskikking - dans, musiek, maskers, poppespel en selfs skaduspel. Cronjé is baie geloofbaar as die snaakse, roerende Groot Vriendelike Reus, en hy word goed bygestaan deur die supporting cast van oorwegend jong akteurs, onder andere die oud-Maties Pierre Neethling en Denver Vraagom.

Die stuk vra uiteraard 'n groot mate van suspension of disbelief van sy gehoor, maar as jy 'n Roald Dahl-aanhanger is en so nou en dan kan terugkeer na kindwees, sal jy meegevoer word deur 'n heerlike stuk teater vol klank, kleur en beweging. So kry vir jou 'n *lollipop* en gaan kyk dit.

# Behr se appels wat seermaak

BOEKE BOOKS

**BOEK DIE REUK VAN APPELS**

**OUTEUR Mark Behr**
**UITGEWER Queillerie**

Deur ADÉLLE VAN WYK

"Ek stem nie saam met wat jy sê nie, maar ek sal jou reg om dit te sê tot die dood toe verdedig." Met hierdie liberale, altyd-relevante stelling van Voltaire het Mark Behr in 1988 die omstrede voorsitter van die National Union of South African Students(NUSAS) geword. Van dié sogenaamde simboliese leier van progressiewe studente, is gesê dat hy onder andere die SR-verkiesing wou verpolitiseer en dat hy "juis nie die meerderheidsmening ondersteun het nie".

Gevolglik is hy by verskeie geleenthede deur engdenkendes uitgetart en geïntimideer. Na 'n aanslag op sy lewe was Mark se kommentaar dat die skuld nie op die aanvaller gepak moet word nie, maar op "die skeppers van apartheid". Klagtes van studente dat hulle nie Behr se gesig in elke uitgawe van *Die Matie* wou sien nie het 'n lojale antwoord van die redaksie se kant af ontlok: "(on)gelukkig is Mark Behr nuuswaardig".

In Behr se debuutroman, *Die reuk van appels*, word sy pleidooi vir vryheid van spraak een vir 'n veel meer omvattende vryheid. Net so hard soos die eertydse Rhodesië probeer om die knellende Britse juk af te skud, probeer die Swartes die Blanke oorheersing in Oos-Afrika uitwis, probeer 'n Suid-Afrika van die sewentigerjare ditself van rassisme bevry, en voer 'n elfjarige seun die stryd teen manwording.

Marnus Erasmus is die naïewe, maar intelligente en realistiese verteller van die verhaal en spreekbuis van die skrywer om sy haat teenoor rassisme en diskriminasie vernuftig in 'n Afrikanergesin tot uiting te laat kom. Die Erasmus-gesin is een wat al die regte bewegings op die regte plekke maak en is by tye irriterend stereotiep.

Die seun tree egter nie net op as elfjarige verteller van sy hier en nou nie. Die leser word ook op geslaagde wyse verplaas vanaf die ervarings van 'n jonger Marnus na Angola waar hy as 'n volgroeide luitenant Erasmus kommentaar kan lewer: "Miskien was daardie somer bepalend."

*Die reuk van appels* is 'n verhaal waarin meer as net konserwatiewe sosiopolitieke spanninge kop uitsteek (en die leser dankbaar laat dat dit nou 1993 is.) Dit is 'n perspektief op die dae van kommunisme, ekonomiese resessie, die sg. kleurlinge op die Kaapse Vlakte met hulle "invloede" en die Stem.) Dit is die oopvlek van waarhede wat seermaak: Suid-Afrika het nie niks om weg te steek nie; dit het apartheid, armblankes en ghetto's en is bang vir alles wat net 'n bietjie afwyk van "hoe ons grootgemaak is".

Nadat Marnus (by wyse van spreke) sy maagdelikheid verloor het ruik die appels suur en is die waarheid selfs te ontstellend om met 'n bloedbroer te deel. Die leser kan net tot een gevolgtrekking kom: daardie somer wás bepalend.

# Hardkoppig maar nice

Deur JEAN JORDAAN



Foto: SAREL VAN DER WESTHUIZEN

IN De Akker wag ek vir Apathy, die één band in Stellenbosch wat die yster kruis dra. En ja, daar verdonker 'n gestalte die deur, klanke klink gedempter - maar dis toe net 'n vet Oom wat die bar binnerol. Apathy daag skieliker op, in 'n dwarrel van gelag en hare (dis nou Krinon en Bisschoff se hare), en voor ek weet waar ek is, is die interview al aan die gang.

Rolf (Rolfie?), die dromspeler, hare (nog) army-kort, sit een kant en drink lemonade; ander kant sit Bisschoff wat die main kitaar dryf (ook lemonade); oorkant is Dirk (84% in rekeningkunde, 100% into bass) en Krinon, screamer en rhythm guitarist (en in Metal tel rhythm vir baie). Húlle drink Black Label. Nou eerste: wie of wat is dié mense?

Bisschoff: "Basically is ons Stellenbosch-based. Dirk en Krinon kom uit Kaapstad, meer uit die underground clubs. En ons bly by ons ouers. Ons is almal Afrikaans (Rolf is Engels), maar ek meen ons is nie eintlik tipiese "Afrikaners" nie. Maar ek haat nie my Afrikaner identiteit nie." Ek dink aan Helderberg se prim by die monstervergadering ("Vissertjie, dié sambok is vir jou!"), en ek knik.

Wat van Metal se aggro reputasie?

Bisschoff: "Ek weet wat jy sê. Dit ís aggressief. Dis aggressiewe musiek, maar dit word net negatief as jy dit verkeerd benader." Apathy soek katarsis, die ontlading van die dansvloer (of die mosh-pit), en verweer hulle teen die aantygings wat Metal nog altyd uitlok:

Rolf: "Take suicide - it doesn't just happen one day. If you're a parent, you're responsible for your child. It's not the music he listens to. It's because of the background." En wat persoonlikhede betref:

Dirk: "Nie een van ons is moerse aggressief nie, ons is nie lelik met mense nie, ons fight nie." So hulle is nie die "tipiese" metalband nie?

Bisschoff, verontwaardig: "Meeste metal people is moerse nice people. Dis prejudice... Dit ís so - julle lag nou ..." en die gesprek disintegreer in die geterg wat hulle eintlik kenmerk. Soos ook hulle poster: "No brains allowed".

Bisschoff: "Maar dis cute! Dis niks ernstig nie; dit sê eerder: meer fun, let's have fun."

Dirk: "Wat ons probeer doen is om mense se oë oop te maak. Ek's 'n gewone ou, ek hou net van my musiek harder en met distortion by. Moenie dink: 'Heavy Metal, dis nou sataniste' nie."

Rolf: "Dis net 'n moerse plak." En hier ontdek ek weer ons 'us vs. them' politiek: die band vertel my: "As almal jou verstoot, dan gaan jy ook mean lyk en op die grond kyk." Kroeë, radiostasies, mense in gholfhempde, koshuismeisies, almal kyk hulle skeef aan.

Dirk: "Wat my kwaad máak, is dat radiostasies sê: 'we support local music', maar as ons vir hulle 'n tape vat: 'nee jammer, ons speel dit nie'. Almal in Suid-Afrikaanse musiek kry swaar, maar Metal kry swaarste. Ons kon 'Stairway to Heaven' gespeel het vir geld, maar ..."

Krinon: "... dis ons liefde wat dit oor gaan ..."

Bisschoff: " ... jy kan mos nie jouself verraai nie. Jy sal dit nie geniet nie. Maar ek dink die Metal scene is heeltemal oorsee. Daar is nie baie media-aanvaarding hier nie." Ook die Dros voel maar min vir local talent - Apathy speel vir R25 elk die hele aand. Skryf hulle dan glad nie oor Suid-Afrika nie?

Krinon: "Ja, ons lirieke wel. Jy skryf tog oor die konteks waarin jy beweeg, al skryf ons nie oor rassisme of so nie." En Afrikaans? "Ons kan dit doen, why not?"

Soos die middag koeler word, skuif ons uit stoep toe en loop die gesprek wyer. Ek's 'n sondebok armer, maar ek het 'n nuwe verskoning vir party ontdek - en ek kla nie. Bisschoff kry die laaste woord in: "Wat ek wil doen is om vir mense te wys ek het miskien lang hare, ek mag miskien so lyk, maar ek is nog steeds 'n moerse nice ou. You don't judge a book by its cover."

En as enigiemand uit die Conserve hierdie artikel lees: hulle soek jou om viool te speel.

# Weer tyd vir jeugmusiekfees

DIE tyd het weer gekom vir oudisies vir KRUIK-Musiek se jaarlikse Jeugmusiekfees. Jong instrumentiste en sangers word genooi om in te skryf vir die jaarlikse prestige fees wat op Vrydag 13 en Saterdag 14 Augustus 1993 in die Nico Malan Operahuis, Kaapstad aangebied sal word.

Hierdie geleentheid is een van die hoogtepunte op die Kaapse musiekkalender en word deur *Die Burger* geborg.

Instrumentiste moet op 13 Augustus 1993 jonger as 24 en sangers moet jonger as 27 moet wees. Kandidate moet in die Kaapprovinsie woonagtig wees en mag nie aan Kruik-jeugmusiekfeeste van 1991 en 1992 deelgeneem het nie.

Oudisies sal teen einde April in Kaapstad, Stellenbosch en Port Elizabeth plaasvind en die sperdatum vir inskrywings is beskikbaar by die musiekdepartemente van die meeste Universiteite en van KRUIK-Musiek in Kaapstad. Vir verdere inligting kan Linda Louw of Ursula Badminton by (021) 215-470 geskakel word.

# Take-away Menu
## Phone: 99802




# King Arthur's Restaurant

DRESS CODE: CASUAL
KIDDIES PARTIES
COOKED MEALS
Every Monday to Friday

DE WAAL CENTRE, ANDRINGA ST,
NEXT TO HAUM / UUB
STELLENBOSCH

# LIVE MUSIC

Friday nights 9pm-2am

**THEUNS JORDAAN**

Saturday nights 8pm-1am

**GERALD SHARP**

Sunday nights 8pm-11pm

**GERALD SHARP**

**GOSPEL**

*Dansvloer ook beskikbaar*

FULLY LICENSED!

---

PROMOSIE-ARTIKEL

# DUPLEX-VAKANSIEWERK

**KONTAK DUPLEX OOR**

- $ GETUIGSKRIFTE
- $ GRATIS VERVOER
- $ GRATIS OPLEIDING
- $ SIEN SUIDER-AFRIKA
- $ WAARBORG HOË VERDIENSTES
- $ ERVARE GROEPBESTUURDERS
- $ VERWERF BEMARKINGSERTIFIKATE
- $ BEMARKING VAN ONS UNIEKE PRODUKTE

**STELLENBOSCH**
**SKAKEL (02231) 70040**
**of 70096**

*DOEN NOU AANSOEK*




STELLENBOSCH

## STYWE JOU SAK EN SIEN DIE LAND MET DUPLEX

DUPLEX is die oudste onderneming wat vakansiewerk op Stellenbosch verskaf. Dit staan ook sedert sy ontstaan in 1983 onder dieselfde bestuur en eienaarskap van Anton van Wyk en Martin Henning. DUPLEX is die enigste onderneming wat verkoopstore aanbied vanaf hulle permanente perseel in die nuwe nywerheidsgebied, Stoffelsmit-straat, naby Die Bergkelder. Die organisasie verskaf jaarliks aan 1 000 studente die geleentheid om dwarsoor die land te toer, byvoorbeeld Namibië, Transvaal en veral die platteland van dié streke.

Produkte wat nie plaaslik beskikbaar is nie, en deurgaans van hoë gehalte getuig, word ingevoer van sover as Duitsland, Japan en Nederland.

Groepe studente, mans en dames, reis gratis per Kombi of motor na hul bestemmings onder leiding van bekwame en goedopgeleide toerleiers waar hulle dan huishoudelike produkte aan die publiek bekendstel. DUPLEX kies toerleiers om na elke toerlid se belange om te sien aldaar goeie toerleiers die sleutel tot sukses is. Die studente gaan van huis tot huis, demonstreer die produkte en neem slegs deposito's op die bestelling wat gemaak word. Kommissie word onmiddellik ná afloop van toere aan die studente uitbetaal.

Gekoppel aan 'n glyskaal, kan 'n student op die toer soveel as 27% kommissie verdien. Voorbeeld van die hoogste verkopers lyk as volg: A. Maree R18 970; S. Brown R11 300; M. de Waal, R10 365 in Desember 1992.

Ervaring wat die studente in dié toere opdoen, dra beslis by tot die vorming van 'n student se persoonlikheid en selfvertroue. Samewerking onder moeilike omstandighede is te alle tye belangrik. Daarom is die toere 'n goeie leerskool. Sertifikate word aan dié studente uitgereik met die beste direkte bemarkingstrategieë. Hierdie sertifikate kan as aanbeveling dien wanneer studente vir werk aansoek doen na hulle hul studies voltooi het. Elke aand vertrek sewe spanne om saans te werk van 18:00 tot 21:00.

DUPLEX is nie net ingestel om vakansietoere nie. Behalwe vir die toere, borg DUPLEX ook jaarliks 'n sierwa tydens die Karnavaloptog. Verder is onder andere al 'n KJA-kamp en die Libertas-wyk, asook Simonsberg en Nemesia geborg.

Maar hoe en wie kontak mens vir so 'n geleentheid? Vul net die vorm in en stuur dit aan Duplex of kontak Anton of Martin.

Dit blyk die moeite werd te wees om op so 'n toer te gaan, want ten spyte van die feit dat jy geld verdien, sien jy ook die land. Indien jy dus graag ons mooi land wil verken en boonop jou sak wil styf, begin gerus aan so 'n verkooptoer dink en laat weet ons betyds.

### DIT IS WAT STUDENTE VERDIEN

| | | | |
|---|---|---|---|
| 1. A. MAREE | R18 970 | 19. W. BORNMAN | R8 500 |
| 2. S. BROWN | R11 300 | 20. M. ALBERTYN | R5 434 |
| 3. M. DE WAAL | R10 365 | 21. E. BEAUD | R5 280 |
| 4. R. SAAYMAN | R9 824 | 22. W. MOSTERT | R5 182 |
| 5. S. NEILL | R9 075 | 23. C. DEYZEL | R5 158 |
| 6. J. KARSTEN | R8 671 | 24. L. MYBURGH | R5 141 |
| 7. A. COETZEE | R7 850 | 25. A. BURGER | R5 136 |
| 8. J. COETZEE | R7 400 | 26. L. LOUW | R5 074 |
| 9. M. NEL | R7 300 | 27. J. RADEMEYER | R4 854 |
| 10. A. BOSHOFF | R7 200 | 28. C. VAN GRAAN | R4 811 |
| 11. C. MALAN | R6 270 | 29. L. DEYZEL | R4 709 |
| 12. S. PALVIE | R6 228 | 30. G. ROSE | R4 671 |
| 13. W. GOLDSWAIN | R6 150 | 31. J. ESTERHUIZEN | R4 657 |
| 14. B. GELDERBLOM | R6 059 | 32. C. WRIGHT | R4 653 |
| 15. C. BOSCH | R6 057 | 33. Q. CORNELIUS | R4 574 |
| 16. K. IRELAND | R6 027 | 34. R. KEET | R4 516 |
| 17. A. GERBER | R5 758 | 35. R. JOUBERT | R4 516 |
| 18. L. JORDAAN | R5 537 | | |

***DOEN NOU AANSOEK VIR AANDWERK GEDURENDE DIE SEMESTER EN/OF VAKANSIEWERK EN VERDIEN SOVEEL GELD SELF!!!***

***DOEN NOU AANSOEK VIR NOV. TOT JAN.***

Ek ..................................................................
stel belang om vir DUPLEX vakansiewerk te doen.
My adres ..........................................
..........................................
..........................................
Tel. Nr. ..........................................

**POS AAN:**
**DUPLEX**
**Posbus 2393**
**Stellenbosch**
**7600**

Pectora...
... recti
p11

matie sport

DONDERDAG 18 MAART 1993

Maties slaan
Oxford kis
p10

# Willows verdedig met welslae

Deur JEAN NORTJE

WILGENHOF het Maandag hul trotse rugbytradisie gestand gedoen deur weereens die eerstejaar-rugbytoernooi te wen. Hulle het teen Libertas gespeel.

Maklik het dit gewis nie gegaan nie. Die geweldige wind wat gewaai het was 'n faktor wat die wedstryd se gang beinvloed het, maar die hegte verdediging van die Wilgenhof agterspelers het gesorg dat hulle die wa deur die drif kon trek.

Tas se Vion Wium het die loot gewen en besluit om die eerste helfte téén die wind te speel. Dit was nie lank na die aanvang van die wedstryd dat Willows in Tas se kwartgebied begin boer het nie. Libertas het geswig onder die geweldige druk en begin foute maak. Servaas Hofmeyer (senter) het die eerste punte met 'n strafskop aangeteken.

Nadat Wilgenhof se losvoorspelers 'n losbal by die geeltruie afgevat het, het die bal die lengte van die lyn beweeg en Michael van Wyk (vleuel) het met 'n verdediger om sy lyf in die linkerhoek gedruk. Die doelskop was mis.

Libertas het hard probeer om punte voor die omdraaislag op die telbord te kry, maar Willows se hegte verdediging het gehou. Met die horlosie op rustyd het Gerald Kanneali (agsteman) in die regterhoek gaan druk. Die doelskop was mis, en die telling met die omdraaislag was 13-0.

Tydens die tweede helfte het die Wittruie weereens eerste punte aangeteken in die vorm van 'n Servaas Hofmeyer-strafdoel. Met die telling op 16-0 halfpad deur die tweede helfte was dit reeds neusie verby vir Libertas.

Tas het egter nie gaan lê nie en het verwoede aanslae op Willows se doellyn gemaak. Willows se hegte verdediging kon nie vir ewig hou nie en Shaun Surman (skrumskakel) het eindelik die lyn oorgesteek vir 'n welverdiende vyf punte. Die doelskop was mis.

Koos Liebenberg (losskakel) het net hierna met 'n puik skepskop nog drie punte vir Tas bygevoeg. Die wedstyd het hierna opgevlam en albei spanne het verwoed ingeklim. Wilgenhof het egter met goeie oordeelkundige spel daarvoor gesorg dat hulle in Tas se halfgebied kon bly. 'n Laaste strafskop deur Servaas Hofmeyer was die finale spyker in Libertas se doodskis.

Libertas se Scott Barker het 'n stuk of vier vasskoppe gehak teen die Wilgenhof skrum. Hy kan veral dankbaar wees vir puik skrumwerk deur Nick Daniel en Petrus Erasmus (voorrye).

In die lynstane het Lafras Moolman en Jacques Basson vir Libertas 'n monopolie aangevoer; hulle het selfs van Wilgenhof se ingooie met twee hande bemeester.

Vir Wilgenhof het die senters, Hofmeyer en Visser, geweldig beïndruk met hulle verdediging. Kanneali (agsteman) het ook 'n bars gespeel. Die eindtelling was 19-8 vir Wigenhof.



Die storie van die eindstryd: Libertas in besit en Willows verdedig soos tiere. Foto: Pieter Malan

# Maties row their way to success

By DOUG HUTTON-SQUIRE

THE US Rowing Club entered t[wo] men's teams in the Riviera Vaal r[e]gatta.

The A-team was: Doug Hutto[n-]Squire, Anton Kleye, Steph du T[oit] and Antony Cloete. The B-team w[as] Alec Rust, Jaco van Niekerk, Fra[n]cois Maritz and Neil van Heerden.

These teams entered the Ca[m]bridge Challenge event and co[m]bined to form an eight for the Tra[ns]vaal Challenge event.

The regatta was held in a kno[ck] out format and the A-team had [to] beat VLC, Wemmmer and ZRC to a[d]vance to the final. The B-team w[as] knocked out by Wits, who then p[ro]ceded to the final. The final was w[on] very convincingly by the A-tea[m]. This was particularly pleasing [as] the Wits team beat Maties th[ree] weeks ago in East London.


In the Transvaal Challenge [the] eights there was little competiti[on] for the Stellenbosch eight and th[ey] went on to win easily.

The team returned with fourt[een] medals in total and are holders [of] two trophies.

This weekend these teams and [the] rest of the US Rowing Club will [be] competing in the WP Champi[on]ships on Saterday 20 March at M[il]nerton Lagoon and on Sunday [..] March in the Victoria and Alfred [Re]gatta at Berties Landing.

NAMIBIË
ONAFHANKLIKHEIDSVIERING
BY
UPSTAIRS
BIRDSTRAAT, BOKANT DISKOM, OORKANT MARKPLEIN
SATERDAGAAND
20 MAART
*Kom kuier saam met ou vriende*

SPESIALE AANBOD
NET R12 ELK!
• Hawaiin Pizza
• Regina Pizza
• Calamari
• Spare Ribs (300 g)
Tel: 4195



Annadie Kidson op Mercurio. Saam het hulle ses rosett[e] op die Kaapse skou verower.

# US perde pronk

Deur ELIZABETH VAN WYK

LEDE van die US Perdryklub het op 24 en 25 Februarie deelgeneem aan die SA Ryperdklasse by die Kaapse skou.

Vyf perde is ingeskryf vir klasse soos Driegangperd, Plesierperd en beste damesryperd. Annadie Kidson op Mercurio h[et] twee vierde -, een vyfde plek e[n] een sesde plek in die Novi[ce] Dresserkampioenskappe beha[al]. Die ander ruiters het daarin g[e]slaag om hulle onervare per[de] goed te laat vertoon en het wa[ar]devolle ondervinding opgedo[en] tydens hierdie eerste skou v[an] die jaar.

*Die Matie* is die eiendom van die SR van US en word geset en gedruk deur Nasionale Med[ia] Bpk, Heerengracht 40, Kaapstad 8001.